

KOKANJE AFTREEOORD GEDENKBLAD 1985-2010

25 jaar van groei



KOKANJE



INHOUD

BLADSY

Boodskappe	2
Voorwoord van die redakteur	5
Groeteboodskappe	6
Wat gaan aan in die bos?	9
Die droom wat 'n geloofsdaad geword het	10
Kokanje – 'n terugblik	12
Hereregtevorm	14
Geboorteplek van Kokanje	15
Eerste terreinplan van Kokanje	16
Eerste straat se huise voltooi	17
Die Moores maak geskiedenis	18
Eerste intrekkers	20
Eerste skakelkomitee	22
Dienssentrum verrys uit die bos	23
Alles vat tyd	25
Dienssentrum gereed vir inwyding	26
Oorspronklike vloerplan van die dienssentrum	27
Ingebruikneming van dienssentrum	28
Strydom-Bouers se skenkings	30
Markpryse daal	31
Die suksesverhaal van Kokanje	33
KE – die trots van Kokanje	46
Mediese versorging van inwoners	48
Kokanje se kombuis	50
Tegniese dienste en die werkswinkel	53
Kokanje se besluitnemers	57
Kokanje se administrasie	58

INHOUD

BLADSY

Kokanje, sy mense en hul aktiwiteite	59
Fondsinsamelingsveldtogte	60
Kokanje se embleem	62
Die sakesentrum	64
Inwoners se veiligheid geniet prioriteit	66
Naamborde	67
Kokanje-biblioteek	68
<i>Kollig</i> – maandblad van Kokanje	70
Die Taphuis	72
Kokanje-lied	73
Inwoners se kuierplekke	76
Ontspanningsaktiwiteite	77
Kuns en Vermaak	81
Kokanje-karnaval	84
Ander feesgeleenthede	86
Die omgeemense van Kokanje	88
Kokanje se krisis en tragedies	90
Inwoners word geestelik versorg	92
Ontdek Kokanje se Natuurskatte	93
”Kokanje’s natural wildlife”	94
Bedankings	98



GEDAGTES WORD 'N DROOM
EN DIE DROOM WORD
'N VERHAAL VAN GELOOF

SAAMGESTEL IN OPDRAG VAN DIE KOKANJE RAAD/DIREKSIE



Boodskap van Joe Fourie

Voorsitter van die Kokanje Raad/Direksie

Dankie aan ons Hemelse Vader wat op wonderlike wyse Kokanje laat ontwikkel het. Elders in hierdie blad word die volle verhaal vertel van die totstandkoming van ons pragtige Oord.

Vergun my 'n woord van opregte dank en waardering aan ons voorgangers wat oor 25 jaar hulle

kragte doelgerig en met entoesiasme ingespan het.

Kokanje – 'n bekostigbare, rustige en veilige verblyf in 'n Bosveldomgewing – is ons trots. Dit word bestuur met die inspraak van die inwoners op so 'n manier dat daar geen finansiële sorge is nie. Oor die jare is groot bouprojekte onderneem en ons het geen laste in dié verband nie.

'n Groot bydrae tot ons pragoord se voortreflikheid is die rustigheid, samehorigheid, meelewing en betrokkenheid van sy inwoners. Kokanje word landswyd beskou as die juweel van aftreeoorde waarheen groot getalle afgetredenes mik om hulle uitspantyd saam met tydgenote te geniet.

Mag die jare wat voorlê vir elkeen van u vreugde en liefde inhou. U – die inwoners, personeellede, ondersteuners en almal wat ons belange op die hart dra – word die Here se seën toegebid.

Message from Joe Fourie

Chairman of the Kokanje Council/Board of Directors

We thank our Heavenly Father for the wonderful way in which Kokanje came into being. The full story of the development of our lovely resort is told elsewhere on these pages.

Allow me to express my sincere thanks and appreciation to our predecessors who, over the past 25 years, applied their energy and enthusiasm to bring us where we are today.

Kokanje – an affordable, tranquil and safe haven in bushveld surroundings – is our pride. It is managed in close consultation with the residents and because of this, we are free of financial concerns and there is no financial liability left from the large building projects undertaken in earlier years.

The excellence of our beautiful resort is in no small measure due to the co-operative, responsive, unflustered, and sympathetic attitude of its residents. Kokanje has a country-wide reputation as being the jewel of retirement villages and, because of this, innumerable pensioners are aiming to retire alongside their contemporaries.

May the years ahead bring joy, and love to everyone. May the Lord bless you all – the residents, staff, supporters and everyone who has our interests at heart.



Boodskap van Jan Boot

**Voorsitter: Kommunikasiekomitee
en van die Gedenkblad se redaksie**

*K*okanje vier fees!

Vyf en twintig jaar is verby. Dit was jare van dankbaarheid en vreugde en ons dank ons Hemelse Vader vir al die ryke seëninge. Ons huldig hulle wat op 26 Oktober 1985 die eerste tree gegee het. Ons dank diegene wat die leisels oor die jare vasgehou het om ons Oord te bestuur en uit te bou tot 'n ware tuiste vir al die inwoners.

In die ontwikkeling van 'n eie kultuur het *Kollig* 'n eiesoortige rol gespeel. Oor die jare was daar baie medewerkers wat hulle gawes en talente beskikbaar gestel het. Vergun my om aan twee persone 'n heel besondere dankwoord te rig: Ans Theron is vandag nog ons redaktrise – sy het ook hierdie gedenkblad hanteer – en het die 231 uitgawes van *Kollig* oor 'n tydperk van 21 jaar met liefde en toewyding die lig laat sien. Aan ons beskeie vriend, Sieg Engelbrecht, 'n warm handdruk vir 'n bydrae wat in baie opsigte uniek is – hy is 'n argivaris met uitsonderlike kennis van Kokanje en sy mense.

Hartlik dank aan almal wat oor die jare lede van die Kommunikasiekomitee was. Baie dankie aan elkeen wat in my dienstermyn hulle gawes tot my ondersteuning gestel het.

Dit is my wens dat hierdie feesuitgawe 'n warm ontvangs mag vind in die harte van al ons inwoners en belangstellendes.



Kokanje Gedenkblad

**TER HERDENKING VAN DIE STIGTING VAN
KOKANJE-AFTREEOORD
1985 - 2010**

REDAKSIE



JAN BOOT
Voorsitter



ANS THERON
Redakteur



WILLIE WEIDEMAN
Ondervoorsitter/keurder



SIEG ENGELBRECHT
Argivaris/taalversorger



FRITZ WOLFF
Sekretaris/taalversorger



CHARLES VAN AARDT
Keurder/taalversorger

UITGEGEE IN OPDRAG VAN DIE KOKANJE-RAAD/DIREKSIE

Buiteblad en bladuitleg: Ans Theron

Voorbereiding van blad vir kommersiële drukwerk: Michèle Tarboton

Fotografawe: Warwick Tarboton en Andries Cronjé behalwe waar name by foto's verskyn

Ou foto's uit die argief, met dank aan die Argivaris

Gedruk en gebind deur V & R Drukkery, Pretoria

Februarie 2011

Voorwoord

van die **Redakteur**



Die geboorte van enigiets is 'n intens emosionele gebeurtenis. As een van die eerste inwoners wat die groeiproses van hierdie aftreeoord meegemaak het, beskou ek dit as 'n groot voorreg om die geskiedenis van die Oord se ontstaan en verdere ontwikkeling in hierdie gedenkblad te kon saamstel.

My uitgangspunt was van meet af aan dat hierdie gedenkblad nie net uit droë feite moet bestaan nie, maar ook die storie agter die storie moet vertel. Dit is immers die eerste inwoners wat saam met die ontwikkelaars asem opgehou het toe die eiendomsmark – juis toe daar met die bouery hier begin is – sy laagtepunt bereik het. Die reeds ontwortelde inwoners wat 'n sprong in die donker moes waag om 'n groot deel van hul finansiële sekuriteit in hierdie aftreeoord te belê, moes elke krisis saam met die ontwikkelaars verwerk, bid en glo. Daar was oomblikke van groot finansiële kommer, maar weer eens het die hoop nie beskaam nie. Daarom begin die storie by hulle. Ek het probeer om myself so ver moontlik uit die suksesverhaal te hou. Waar my naam dus wel voorkom, moet daar aanvaar word dat dit ter wille van die korrektheid van die geskiedenis is, en om geen ander rede nie.

Lesers moet ook in gedagte hou dat die bewaring van belangrike dokumentasie oor die beginjare nie altyd met genoeg erns bejeën is nie, en die noodsaaklikheid van 'n argief was dus nie 'n prioriteit nie. Om op mense se geheue – veral op gevorderde leeftyd – staat te maak, is uiters riskant, maar ons moes soms daarop terugval. Ons konsensieuse argivaris, prof. Sieg Engelbrecht, het na sy intrek met sy superieure kennis hierdie leemte uitgewys, en onderneem om uit dit wat beskikbaar was 'n argief op die been te bring. My innige dank vir sy onskatbare hulp, waarsonder ek nooit hierdie gedenkblad sou kon saamstel nie.

In die loop van die geskiedskrywing kom daar wel 'n herhaling van feite voor, want verskillende mense is gevra om 'n deel van die geskiedenis te skryf. Op dié manier word die hele ontwikkelingsproses egter in beter perspektief geplaas deur die verskillende rolspelers, naamlik die ontwikkelaars, die bestuurders en die inwoners van die Oord, wat almal op 'n besondere manier daardeur beïnvloed is en dit op hul eie manier deurleef het.

My innige dank en waardering vir elke redaksielid se samewerking waarop ek kon staatmaak. Dit was geen geringe taak nie. Deurgaans is gepoog om getroue en korrekte feite te bekom en vir plasing te keur.

In ootmoed gee ek erkenning aan ons Hemelse Vader wat my vir hierdie taak toegerus het. Sonder sy liefdevolle genade van goeie gesondheid en insig, sou ek nie hiertoe in staat gewees het nie. Nie aan my nie, maar aan Hom al die eer.



GROETEBOODSKAPPE

MNR. G. G. (GARBET) HAVEMANN ~ Voorsitter: Kokanje Bestuurskomitee (1994-1996)

As ons die pad beskou wat Kokanje die afgelope 25 jaar van baken tot baken gestap het, is dit duidelik dat die lede van die Kokanje Raad wat die bestuur van tyd tot tyd gehandhaaf het, dit besonder suksesvol gedoen het.

Oorspronklik was daar inwoners wat getwyfel het of ons die regte ding doen om die bestuur van Kokanje oor te neem. Vandag glo ek ons het volle vertroue in diegene wat ons verkies het. Daar was ook aanvanklik ontevredenheid oor die KE-heffing wat elkeen moet betaal, maar vandag weet ons die huidige stelsel is die beste in die land.

Eiendomsreg was 'n ander groot kwessie van verskil, maar vandag verdien elke raadslid wat destyds die knoop deurgehaak het, ons ewige dank.

Ons opregte dank aan al die Oordbestuurders en hul personeel vir hulle besondere en pligsgetroue bydrae tot Kokanje se sukses.

My innige dank aan ons Hemelse Vader wat altyd sy hand oor ons gehou het. My bede is dat dit so sal voortgaan.

PROF. S.S. (BARNIE) BARNARD ~ Voorsitter: Kokanje Raad/Direksie (Twee termyne, Raad: 1996-1998 en Raad/Direksie: 2000-2001)

Hoe de af vir die eerste kwarteeu en baadjies uit vir die toekoms! Met die viering van die 25ste bestaansjaar van die Oord, kan daar met trots en dankbaarheid verwys word na al die okkupasiereghouers (inwoners) van Kokanje se eie "Luilekkerland".

Dit was 'n heerlike voorreg om vir tien jaar (o.m. vier jaar as Voorsitter) in die Raad/Direksie te dien en om deel te kon hê aan die onderhandelinge met die Vereniging van Staatsamptenare (VSA) wat uitgeloop het op selfstandigwording. Hulde word gebring aan elkeen – óók aan hulle wat ons vooruit gegaan het – wat kosbare bydraes gelewer het tydens bogenoemde onderhandelinge. Daar is hoë waardering vir die goedgesindheid van die Direksie van die VSA in die algemeen en in die besonder vir die daadwerklike hulp en ondersteuning wat verkry is van mnre. Casper van Rensburg (Hoofbestuurder) en Johan Potgieter (Adjunkhoofbestuurder) tydens al dié onderhandelinge. Wat kan immers vir al die inwoners meer beteken as die reg van volwaardige eienaarskap van die Oord en hulle gelukkige verblyf in hulle eie eiendom wat gesond en suksesvol vir hulle bestuur en geadministreer word?

Ons allerbeste wense aan sowel die huidige as toekomstige Raads-/Direksielede, alle okkupasiereghouers asook aan die personeellede. Die vertroue en hoop word gekoester dat daar in die toekoms steeds gefokus sal word op ons missie, naamlik "Kokanje vir 'n bekostigbare, rustige en veilige verblyf in 'n Bosveldomgewing". Mag daar ook steeds getuig word dat Kokanje algeheel afhanklik is van Hom, na wie daar opgesien word vir die nodige leiding en insig waar die menslike verstand en vermoëns nie meer weet waarheen nie.

Daar word volstaan met die volgende woorde van dr. Willie Hofmeyer:

”Ek kyk agteruit en ek is dankbaar
Ek kyk op en ek is gelowig
Ek kyk vorentoe en ek is moedig.”

Aan Hom al die lof, eer, dank en aanbidding!

DR. I.J.V. (SAKKIE) MANS ~ Voorsitter: Kokanje Raad/Direksie (1998 – 1999)

Dit was my voorreg om van 1998 tot 1999 as Voorsitter van die Kokanje Raad te dien. 1998 was veral belangrik omdat in dié jaar begin is met die oornamering van die oord deur die inwoners. Die verloop van die oornamering is elders volledig geboekstaaf. Ek volstaan dus met ’n paar opmerkings.

Die inisiatief het van die VSA-hoofbestuur gekom. Ons bekommernis was natuurlik oor finansies. Dié probleem is egter opgelos toe besluit is dat die koste gedelg sal word soos huise verkoop word.

Dit is gepas om by hierdie geleentheid weer eens ons dank aan die destydse VSA-hoofbestuur te betuig. ’n Mens kan jou moeilik voorstel wat sou gebeur het as die oornamering nie gerealiseer het nie.

Hiermee my gelukwense aan Kokanje en die Raad met die verjaarsdag. My bede is dat die huidige en toekomstige lede van die Raad die moed, geduld en versindheid sal hê om dié kleinood te bewaar!

MNR. F.J. (FRIK) KOTZÉ ~ Voorsitter: Kokanje Raad/Direksie (2001-2004)

Ons Oord het sy kinderskoene ontgroeï en ’n suksesvolle volwassene geword! Watter groot voorreg was dit om vir veertien jaar ’n deel van die grootwordproses te wees! Nog ’n groter voorreg was dit om vir etlike jare ’n aandeel te kon hê in die ontwikkeling van Kokanje. Destyds toe ons die Oord van die Vereniging van Staatsamp-tenare oorgeneem het, kon ons nooit raai dat die ontwikkeling so skouspelagtig en voortstuwend sou wees nie. Die Raad en die nuutgestigte Direksie moes biddend leiding gee en menige keer was daar twyfel of ons die mas sou opkom. Ons het egter aangehou en die resultaat is vandag te sien in die geluk, tevredenheid en gemoedsrus van die inwoners.

Aan elkeen wat destyds saamgewerk het om Kokanje se wa aan die loop te kry en te hou, en aan elkeen van die inwoners wat intens belanggestel het in die ontwikkeling van Kokanje, wil ek in hierdie laat stadium hulde bring, omdat ’n taak goed gedoen is.

As ek iets kon bydra tot die voortbestaan van Kokanje, het Kokanje baie meer bygedra om my as ouerwordende persoon te laat besef dat die vormingsproses van my lewe nie tot stilstand gekom het die dag toe ek afgetree het nie. Hier in Kokanje met al sy inwoners wat elkeen anders is, is my laaste lewensjare gevorm en omvorm tot ’n aangename reis tot die einde toe. Hier kon ek somtyds terugkyk en perspektief kry oor die jare wat verby is, maar ook in die hede leef en perspektief kry op die toekoms en die ewigheid. Daarvoor is ek dankbaar.

En nou? Wat lê voor? Ons weet nie, maar in die geloof word elke inwoner en elkeen wat deel gaan wees van Kokanje se toekoms sterkte toegewens.



MNR. P.C. (BOET) SCHEEPERS ~ Voorsitter: Kokanje Raad/Direksie (2007-2009)

Psalm 115:1: Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe.

Inderdaad kom eer en dank die Skepper toe vir die wysheid en insig wat hy aan mense gegee het om Kokanje tot stand te bring en te onderhou.

Dank is ook verskuldig aan al die gewese en huidige personeellede vir diens, lojaliteit en vriendelikheid wat bydra tot die gemoedsrus en vrede wat inwoners beleef.

Aan al die vorige voorsitters van die Kokanje Raad, asook die huidige, en by voorbaat aan toekomstige voorsitters, baie, baie dankie vir ure van u "rustyd" wat afgestaan is/word/sal word in belang van die inwoners van Kokanje. Hierby moet ingesluit word alle raadslede en oud-raadslede wat die belange van al die inwoners ewewigtig hanteer het en die beleid geformuleer en toegepas het sonder aansiens des persoons in belang van die voortbestaan van Kokanje.

Dit sal fataal wees om die rol wat lede van die verskillende komitees speel, te onderskat. Hier word onskatbare en waardevolle bydraes gelewer wat gegrond is op tegniese en spesialiskennis van verskillende sferes van die samelewing.

Ons as inwoners moet onthou dat ons almal aandeelhouders is van hierdie maatskappy en daarom daarop geregtig en ook daartoe verplig is om jaloers te waak dat aan die Akte van Oprigting en Statute van die Maatskappy uitvoering gegee word, weer eens sonder aansiens des persoons, sodat alle inwoners gelyke behandeling ontvang.



MNR. J.C. (HANS) OLIVIER ~ Voormalige VSA-hoofbestuurder

Dit is vir my, as voormalige Hoofbestuurder van die Vereniging van Staatsamp-tenare, wat Kokanje ontwikkel het, 'n besondere voorreg om hiermee 'n groetboodskap oor te dra aan diegene wat tans hier woonagtig is en so heerlik hulle aftreedae in Kokanje, die "luilekkerland", kan deurbring. Elders in 'n artikel wat by hierdie boodskap aansluit, word kortliks berig oor die ontstaan van Kokanje en ook die verdere ontwikkeling. Dit was ook my voorreg om as seremoniemeester by die amptelike opening en ingebruikstelling van Kokanje op te tree. Die feit dat Kokanje 'n reuse sukses is, word deur 'n waglys van etlike honderde belangstellendes onderstreep.

Ek verstout my om te beweer dat Kokanje bepaald uitstaan as 'n vyfster-aftreeoord, wat nie maklik geklop sal kan word nie.

Ek groet u as een van vele persone wat 'n rol gespeel het in die ontstaan, ontwikkeling en instandhouding van hierdie vyfster-aftreeoord, waarvan ek nou 'n inwoner is. Mag die Almagtige gee dat diegene wat die voorreg het om hier te woon, seën en voorspoed en goeie gesondheid geniet, want ons woon mos in Luilekkerland.



WAT GAAN AAN IN DIE BOS?

Die begin van Kokanje se ontwikkeling

In die tagtigerjare van die vorige eeu het twee uiteenlopende instansies se strewes 'n projek van stapel gestuur waarvan die uiteindelijke sukses albei partye se wildste drome sou oortref.

In die stil omgewing van 'n klein plattelandse Bosvelddorpie het die Nylstroom Dorpsraad met 'n droom geworstel: hulle wou uitbrei, maar sonder die risiko van industriële lugbesoedeling. In Pretoria het 'n ander instansie, die Vereniging van Staatsamptenare, met 'n ander droom geworstel: hulle was op soek na 'n geskikte plek om 'n aftreeoord vir hulle lede op te rig. U sal elders lees hoe die twee instansies van mekaar se ideale te hore gekom het.

Op 'n digbegroeide terrein tussen bome met musikale name soos, raasblaar, lekkerbreek, boekenhout, huilboom, kameeldoring, blinkblaar, krinkhout en vele meer, het hierdie twee instansies se ideale begin ontvou.

Nou kyk ons terug op 25 geseënde jare van ontwikkeling en voorspoed. Danksy die mense wat aan 'n droom geglo het, woon ons vandag in een van die gewildste, mooiste en suksesvolste aftreeoorde in die land.

Met hierdie gedenkblad word ook hulde gebring aan die pioniers wat dapper die groeipyne trotseer het. Elkeen was 'n rolspeler in die ontwikkeling van Kokanje. Hulle het niks op hulle oudag kitsklaar kom kry nie, hulle moes offer, glo, bid en vertrou, en waar nodig, het hulle hul ervaring en wysheid op 'n beskeie manier aangebied.

Die Dorpsraad van Nylstroom onthaal die VSA-verteenwoordigers tydens hul besoek aan Nylstroom om die grond te besigtig wat vir die aftreeoord aangebied word.



By die nabygeleë Wildkamp ontspan die groep vir 'n middagete. V.l.n.r.: mnre. Schalk Hoepfner, Burgemeester van Nylstroom; Ouboet Benade, Nylstroom; Sarel Benade, Nylstroom (later 'n inwoner); Kokkie Kok, Nylstroom; R.H. Landman, VSA-hoofbestuurder; Kas Oberholzer, Nylstroom (later 'n inwoner); Wiets Botes, Nylstroom (later 'n inwoner).



V.l.n.r. (uitkenbaar): mnre. Marshall van Schalkwyk, bourekenaar; Johan Verwey (met bril), Voorsitter van die Raad van Direkteure, VSA; voor hom Kokkie Kok (Nylstroom); Colin Cameron, President van die VSA; agter hom R.H. Landman, Hoofbestuurder van die VSA; en Hans Olivier (met geruite hemp) VSA (later 'n inwoner); Kas Oberholzer sorg dat elke gas 'n sappige tjoppie op die bord kry.



Die droom wat 'n geloofsdaad geword het

EUGÈNE NAUDÉ ~ Landdros van Nylstroom

Soos dit in die annale opgeteken is, was die man met die visie vir Nylstroom se uitbreiding, Eugène Naudé, landdros van Nylstroom. Dit moes dus vir hom 'n besondere belewenis gewees het om te sien hoe sy visie uiteindelik in 'n missie omskep word. Hierdie man het nie net sy dorp van stagnasie gered nie, maar ook die VSA se probleem opgelos – en in die proses die vervulling van honderde afgetredenes se versugting na iets anders as 'n ouetehuis. Voorwaar 'n vrugbare droom met verreikende resultate.

Nie in 'n kantoor nie, maar sommer in die bos waar die aftreeoord beplan word, is die koopkontrak tussen die Nylstroom Dorpsraad en die VSA onderteken.



V.l.n.r: mnre. Chris Buys (Stadsklerk, Nylstroom); Johan Verwey, (Voorsitter, Raad van Direkteure, VSA); en R.H. Landman (Hoofbestuurder, VSA).

Ook vir die VSA is die tyd van droom verby

WAAGMOED EN GELOOF WORD DIE DRYFVEER



Hierdie vier manne moes die planne in dade omskep. Aan hulle kom al die eer toe.

V.l.n.r:

Cassie Strydom (bouer); Marshall van Schalkwyk (bourekenaar); Hans Olivier (Hoofbestuurder van die VSA en tans 'n inwoner) en (staande) Johan Potgieter (Adjunkhoofbestuurder van die VSA).

Dit is geen geringe taak om 'n leefplek vir 'n paar honderd mense uit niks te skep nie. Baie dinge moes oorweeg en heroorweeg word. Is die terrein reg vir die doel? Sal die Bosveld hoegenaamd 'n trekpleister vir die stedeling wees? Daar is so baie bos – wat moet uitgekap word; wat moet bly staan? Maar toe die besluit finaal geneem is, het hulle nooit weer teruggedeins nie. Met durf, moed en geloof het hulle volstoom met die beplanning begin. Die beboste terrein moes vir die stedelinge 'n nagmerrie gewees het, maar gelukkig is die besluitnemers mense met 'n passie vir die natuur en oor een ding kon hul saamstem: behou so veel moontlik van die bome en die bos, sodat die velddiertjies vir die beplande oord behoue kan bly! En hierdie besluit word later seker die grootste trekpleister van die aftreeoord. Dít, en die voorsiening van die afgetredene se grootste behoefte – versorging.

Hier onderbreek ons eers die storielyn om mnr. Hans Olivier (Hoofbestuurder van die VSA tydens Kokanje se ontwikkeling) die geleentheid te gee om ons terug te voer tot heel aan die begin om te sien hoe hulle hul droom laat realiseer het. Eers as 'n mens al die rolspelers se verhale gelees het, besef 'n mens dat 'n projek soos hierdie nie sommer lukraak aangepak kan word nie.



J.C. Olivier
Afgetrede Hoofbestuurder
van die VSA

KOKANJE – 'N TERUGBLIK

~ J.C. (Hans) Olivier ~

Wanneer daar gekyk word na die aftreeoord, bekend as Kokanje, wat "Luilekkerland" beteken, moet 'n mens onthou dat daar baie veranderinge sedert die beplanning en ontwikkeling ingetree het. Die vakbond, soos dit deesdae heet, was bekend as die Vereniging van Staatsamptenare (VSA)/Public Servants Association (PSA). As volwaardige vakbond funksioneer die huidige PSA deesdae nogal anders as destyds. Die doelstellings is anders as die destydse VSA s'n. Behalwe die onderhandelinge met die owerhede oor beter diensvoordele, het die klem destyds sterk op byvoordele vir lede geval, soos byvoorbeeld die oprig en verhuring van woonstelle en kamers aan staatsamptenare, die vestiging van restourante in sekere staatsgeboue waar amptenare 'n goeie bord kos teen lae koste kon nuttig en 'n vakansieoord in Oos-Londen waar staatsamptenare kon gaan vakansie hou. Sekerlik is van hierdie voordele nog beskikbaar, maar met die vestiging van die PSA is laasgenoemde nou 'n volwaardige vakbond en het die klem ietwat verskuif. Bogenoemde is net as agtergrond. Die klem vir die doel van hierdie artikel, verskuif nou na die aftreeoord met die naam van Kokanje.

Die lede van die destydse VSA wat reeds afgetree het, het hulleself as 'n tak georganiseer om hulle belange en behoeftes te behartig en was bekend as die Staatsdiens Pensioentrekkerstak. Hierdie tak van die VSA het, soos sommige ander lede van die VSA, ook die behoefte geïdentifiseer dat die Bestuur meer aandag moet skenk aan voordele vir afgetredenes. Die gedagte om 'n aftreeoord te vestig, is geopper. Die administrasie van die VSA is deur die Raad van Direkteure aangesê om die idee te ondersoek en aan die Raad verslag te doen. Na deeglike navorsing het die administrasie die beginsels vir so 'n projek aan die Raad van Direkteure voorgelê. Dit het onder andere die volgende behels:

- So 'n projek moet voldoende ruimte hê en verkieslik nie in 'n digbewoonde voorstad of stad geleë wees nie.
- Daarteenoor moet die ontwikkeling ook nie baie ver van groot stede af wees nie, met die oog op noodsaaklike mediese dienste by goed toegeruste hospitale.

- Die projek self moet sekere mediese geriewe insluit, soos die versorging van verswakte bejaardes.
- Daar moet middagetes voorsien word.
- Voldoende ontspanningsfasiliteite moet beskikbaar wees, soos 'n tennisbaan, 'n gimnasium, 'n rolbalperk, jukskeibane, 'n swembad en 'n gemeenskapsaal.

Die Raad van Direkteure het na deeglike oorweging die beginsel van die ontwikkeling vir 'n aftreeoord goedgekeur, en het die administrasie opdrag gegee om 'n meesterplan voor te lê en ook voorstelle oor, onder meer, waar die oord ontwikkel moes word. Die administrasie het baie moeite gedoen om inligting te bekom oor wat en hoe 'n aftreeoord moet wees, maar eerstens moes 'n geskikte terrein gevind word. Moeite is veral gedoen om in of naby Pretoria grond te bekom, maar alle pogings het misluk. Voorts is ondersoek ingestel of geskikte grond by die munisipaliteite van verskeie plattelandse dorpe verkry kon word, maar ook dit was nie suksesvol nie.

Intussen is die VSA se argitek te opdrag gegee om solank huiswerk te doen oor die ontwikkeling van 'n aftreeoord, aangesien daar in daardie tyd feitlik geen noemenswaardige aftreeoorde was waarby die VSA kon gaan kers opsteek nie. 'n Senior amptenaar, mnr. Reinier Opperman, is na verskeie lande oorsee gestuur om inligting te versamel oor die beplanning en funksionering van 'n aftreeoord. Intussen is daar nog steeds na 'n geskikte terrein gesoek. Daar is verneem dat 'n landdros van Nylstroom, Eugène Naudé, aldaar baie aktief betrokke is by die Vereniging van Staatsamptenare, en hom in die besonder vir pensioentrekkers se belange beywer. Hy was bewus daarvan dat die VSA 'n aftreeoord wou ontwikkel. Daar is 'n baie sterk vermoede dat hy die Nylstroom Dorpsraad oor die VSA se soeke na geskikte grond ingelig het. Die Dorpsraad het toe 58 ha vir R60 000 aan die VSA te koop aangebied. Nadat die VSA-hoofbestuur en die argitek te die eiendom besoek, en die versekering van die argitek te verkry het dat die grond en terrein uiters geskik is vir 'n aftreeoord, is die grond gekoop. Hierdie besluit is op 8 Augustus 1984 deur die Raad van Direkteure van die VSA geneem. Op 25 Junie 1986 het die Raad van Direkteure die meesterplan finaal goedgekeur, waarna daar in alle erns met die bouwerk begin is. Op 3 Oktober 1990 besluit hulle om nog 24 ha grond van die Nylstroom Dorpsraad aan te koop met die oog op verdere uitbreiding – wat toe wel later 'n werklikheid geword het.

Dit was 'n hoë prioriteit van die VSA-bestuur dat 'n gepaste naam vir die aftreeoord gevind moes word. Dr. Chris Nel, 'n jarelange getroue ondersteuner van die VSA, se naam, Kokanje, wat volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek beteken: "Luilekkerland, die land van niksdoen en lekker lewe" en wat hy alreeds nie-amptelik by die toegang tot die grond aangebring het, vind byval by die Hoofbestuur van die VSA. Op versoek dien dr. Nel 'n amptelike voorstel vir die naam by die Hoofbestuur in. Die besluit word op 26 Augustus 1987 deur die Raad van Direkteure bekragtig.

Die amptelike opening is op 21 Oktober 1988 deur die destydse minister van Plaaslike Bestuur en Behuising, mnr. A.A. (Amie) Venter, waargeneem en dr. Colin Cameron, President van die VSA, het die hoofrede gevoer.

Kokanje is uiters gewild en 'n waglys van meer as 600 aspirantkopers bevestig beslis hierdie stelling.



Hieronder verskyn die HEREREGTEVORM wat gebruik is by die oordrag van die eiendom. Die datum op hierdie vorm word beskou as die stigtingsdatum van Kokanje, hoewel daar ook ander datums oorweeg is, soos die datum waarop die koopkontrak geteken is en die datum waarop die eerste inwoners ingetrek het.

2

EHRLERS & VENNOTE
INGELYF
14
21-8271

Ink. 684

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
DEPARTEMENT VAN FINANSIES

BINNELANDSE INKOMSTE

DEEL I

HEREREGTE—VORM B
VERKLARING DEUR KOPER

TRANSPORTGEWER (Verkoper)
STADSRAAD VAN NYLSTROOM

TRANSPORTNEMER (Koper)
VERENIGING VAN STAATSAMPTENARE VAN SUID-AFRIKA
REGISTRASIE NOMMER 05/15/1150/08

BESKRYWING VAN EIENDOM

GEDEELTE 128 (n Gedeelte van Gedeelte 1) van
die plaas NYLSTROOM TOWN AND TOWNLANDS 419
Registrasie Afdeling K R Transvaal;

GROOT : 64,0880 (VIER EN SESTIG Komma
NUL AGT AGT NUL) hektaar

Poskode van distrik waarin eiendom geleë is

Datum van transaksie 26 OKTOBER 1985 Vergoeding: R 65 000,00

HEREREGTE BETAAL DEUR MR EHLERS & VENNOTE 596

posadres: POSBUS 3248, PRETORIA, 0001

VIR AMPTELIKE GEBRUIK

ereregte betaal op R 65000 Synde Koopprijs

et waarkragtens hereregte gehef word 40/49

516
staats- of gemeentelike eiendom van
Kokanje van oorsprong
23-5 83
516

00005814
Ontvanger van Inkomste
RECEIVER OF REVENUE
ONTVANGER VAN INKOMSTE
PRETORIA

KASREGISTERKWITANSIE
00006409 6410
000064109
006410 23/5/88 0720 R/620-80.277 08



Geboorteplek van Kokanje


'n Mens kan nie help om te wonder wat het deur die VSA-amptenare se koppe gemaal toe hulle met 'n kronkelende bospad die wildernis ingery het nie. Maar 'n mens kon jou indink hoe trots hulle moes gevoel het toe hulle daar uitgeroy het – die trotse besitters van 64 ha grond (sien hereregtevorm) met die oog op die ontwikkeling van 'n aftreeoord vir sy lede!

So het die beplanning vir 'n aftreeoord van 'n geraamde R15 miljoen, waar ongeveer 300 afgetredenes gehuisves kan word, in die bos begin. Die nuus het soos 'n veldbrand onder die VSA-lede versprei, veral die pensioentrekkers wie se enigste vooruitsig later 'n ouetehuis sou wees. So bang was sommige kopers dat hierdie droom ook soos 'n verskietende ster sal verdwyn, soos wat met ander soortgelyke pogings van private ontwikkelaars in stede al gebeur het, dat hulle toestemming gevra het om in te trek nog lank voor die eerste sooi van die hoofgebou se fondamente gespit is! Die VSA het toestemming gegee op voorwaarde dat hulle 'n skriftelike waarborg aan die VSA besorg dat hulle goeie gesondheid geniet en vir hulle self sal kan sorg.

Dit is te danke aan hierdie pioniers wat, ten spyte van ontberings, bly glo en vertrou het dat die droom nie vir hulle 'n nagmerrie sou word nie, dat Kokanje toe wel as 'n aftreeoord – enig in sy soort – vanuit 'n ruie bos verrys het, ten spyte van vele terugslae.

EERSTE TERREINPLAN VAN KOKANJE

Met hierdie terreinplan van die argitek, Louis Boshoff, ter hand moes die bouer, Cassie Strydom, sy weg in die bos vind met die opdrag: "Behou so veel moontlik bome."



1986

Eerste straat se huise voltooi 16 AUGUSTUS 1986

Nadat die eerste straat se huise voltooi is, het die VSA 'n bus vol senior burgers uit Pretoria gebring om die huise te kom besigtig.

Die wooneenhede is in groepe van vyf gebou, waarvan driehuise aanmekeer skakel met twee skakelhuise daarvoor. Dit sou aanvanklik die patroon vir die hele oord wees. Daar is later van hierdie patroon afgewyk, hoofsaaklik omdat groter huise op aandrang van voornemende kopers gebou is. 'n Ander groepering van ses losstaande huise, drie alkaante van die straat, is gevolg.

Aanvanklik het die huise nie stoepe gehad nie, maar swart pale (glo vir 'n priegel) wat geen skuiling teen reën of son gebied het nie en 'n andersins goeie huis subekonomies laat vertoon het. Inwoners was hieroor bitter ongelukkig, maar die VSA wou nie bes gee nie. Eers toe Kokanje die inwoners se eiendom geword het, is eenvormige vaste stoepdakke toegelaat, wat later verpligtend geword het.



DIE MOORES MAAK GESKIEDENIS

EERSTE WAT KONTRAK TEKEN



Op 24 Junie 1986 sluit Charel en Annatjie Leeuwner (egpaar links op foto) en Willie en Annatjie Moore (regs) 'n koopkontrak met die VSA in mnr. Reinier Opperman se kantoor in die VSA-gebou, Pretoria. Die Leeuwners het egter gekanselleer en eers later (1989) ingetrek.

Tydens die inwyding van die dienssentrum op 21 Oktober 1988, ontvang Willie en Annatjie Moore 'n oorkonde van die VSA as die eerste ondertekenaars van die koopkontrak.

OORKONDE

NAME: Johannes Wilhelmus (Willie) Moore
Anna Jacomina Carolina Moore (gebore van Zyl)

RELAAS:

Willie en Annatjie het in 1986 op Harrismith afgetree waar hy by die Munisipaliteit werksaam was. Na sy aftrede het hulle na 'n vakansiedorp op Leeuwpoort naby Thabazimbi verhuis, maar die plek het hulle nie baie geval nie.

Deur middel van 'n suster wat in Nylstroom woonagtig was, bekom hy die plaaslike koerantjie *Die Posen* sien daarin 'n berig van die Vereniging van Staatsamptenare se beoogde aftreeoord. Hy het dadelik met die VSA in verbinding getree en na sy onderhoud met mnr. Renier Opperman, besluit om die nuwe oord sy tuiste te maak.

Op 24 Junie 1986 het Willie en Annatjie Moore 'n Ooreenkoms met die V.S.A. onderteken. By dieselfde geleentheid het 'n sekere Charl en Annatjie Leeuwner ook 'n ooreenkoms onderteken, maar die ooreenkoms is later gekanselleer. Gedurende November 1986 het mev. Marietjie Jordaan van die V.S.A. hulle in kennis gestel dat hulle op 1 Desember kon intrek. Ongeveer 'n week voor die bestemde tyd het die Moores toestemming gekry om enkele meubelstukke solank na die huis te bring. Dit was 'n Saterdagmiddag en dit het gereën. Hy hoor toe water loop en ontdek die water stroom deur die badkamer se daklig. Na ondersoek bevind hy dat die werksmense wat die dak teëls moes lig om herstelwerk aan die geiser te doen, nooit die teëls weer teruggesit het nie! Die eerste klagte—nog voordat die mense behoorlik ingetrek was!

Sedertdien het sake so verbeter dat hulle steeds gelukkig hier woon.

(Onveranderde kopie van die oorspronklike oorkonde uit die argief.)

EERSTE INWONERS TREK IN



V.l.n.r (agter): Susan le Roux (enkel dame) (1C); Barbara Nel (2A); Cora Franck 1A); Juel Anderson (1B) en Annatjie Moore (1E). (Voor): Chris Nel, Harold Franck; Andy Anderson; en Willie Moore.

Die eerste intrekkers, Willie en Annatjie Moore, trek op 1 Desember 1986 by 1E (eerste groep van 5 huise) in en die tweede paar, Chris en Barbara Nel, trek 'n week voor Kersfees van dieselfde jaar by 2A in. Daarna het die ander op die foto gedurende Januarie 1987 ingetrek. Hierna is die res van die eerste fase spoedig beset. Die behaaglikheid van die stil omgewing (die bouwerke het natuurlik al vir die Kersseisoen gesluit), het Chris Nel so aangegryp dat hy die plek Kokanje, wat luilekkerland beteken, genoem het. Hy het die naam sommer op 'n stuk plank geskryf en voor by die ingang (toe nog hekloos) nie-amptelik in die sand gaan plant. Dit het toe heelwat later, op Chris Nel se voorstel aan die Hoofbestuur, die amptelike naam van die Oord geword.

Naweke het die dorpsmense graag kom kyk hoe Kokanje vorder en dan het Willie Moore se kleurvolle blomtuin, so tussen die bosse, almal se aandag getrek.



AANGEBOUDE FAMILIE



Chris Nel se huis (2A)

Toe Chris Nel 'n week voor Kersfees hier ingetrek het, het hy en Barbara stoksielalleen hier in die bos gebly. Die Moores het toe by hulle kinders gekuier. In dié kritieke tyd raak hulle vrieskas, volgepak met vleis, onklaar en die besighede in die dorp wat sulke herstelwerk doen, was alreeds vir die feesseisoen gesluit. Gelukkig kon hy die vleis toe in een van die winkels

se vrieskaste stoor totdat die besighede weer in die nuwe jaar heropen het. Die dorpenaars se welwillendheid was destyds vir die inwoners 'n riem onder die hart.

In die beginjare was almal soos 'n hegte familie. Raad en hulp het spontaan gekom. As die krag af was (wat dikwels gebeur het), is gasstofies onder mekaar uitgeleen om teewater te kook. Almal het gou geleer om te sorg vir 'n voorraad kerse, paraffien en flitsbatterye. Aandetes is dikwels buite op smeulende kole gaargemaak en Saterdag is saam gebräai. Dit is by een so 'n geleentheid dat Eddie Dunckley (11E) gesê het: "Hier is ons nie aangetroude familie nie, maar aangeboude familie."

Dit was lekker, maar moeilike jare. Daar was geen sprake van sekuriteit of dienste nie, dus ook geen heffing nie. Huisafval moes in 'n gat iewers in die bos begrawe word. Hierteen is heftig beswaar gemaak. Dit gaan die pragtige bos besoedel, en hoe kan daar van enkeldames verwag word om 'n gat te gaan grawe? Buitendien moes die inwoners 'n voorbeeld stel vir die baie bouwerkers op die terrein. Daar word met die munisipaliteit onderhandel om ons kombuisafval te verwyder – maar teen 'n prys. Ons moes van toe af R30 per maand heffing betaal!

Dit was ook 'n kwaai reënjaar en na elke bui het die grondpad se bolaag onder in die rivier gelê en motors en voetgangers moes deur die modder en oopgespoelde klippe aansukkel. Inwoners het geen telefoonverbinding met hulle kinders en familie gehad nie. Gelukkig was daar geen noodgevalle wat 'n dokter vereis het nie. Die poskantoor voorsien darem spoedig 'n publieke telefoon skuins voor woning 5C. Nogtans ken niemand die woord "moedeloos" nie. Dié wat nog lewe sal vir jou sê: "Kokanje se fundamente staan rotsvas op gebede!"




Foto: Ans Theron

Eerste skakelkomitee word gekies



V.l.n.r: Japie Reyneke (3D); Cora Franck (1A); Sarel Kruger (7A) en Eddie Dunckley (11E)

Met geen enkele personeellid van die VSA wat inwoon nie en Strydom-bouers se boubeheerbeampte, Hendrik van Zyl, 'n jong ingenieurtjie wat iewers in die omgewing op 'n plaas gebly het, as enigste kontakman, wou dinge maar nie aldae so lekker vlot verloop nie. 'n Aftreeoord in sy wordingstadium het baie wisselende en die groeiende gemeenskap vereis 'n skakelpersoon wat as segsman vir die inwoners kan optree. "Ons is mos nie

armblankes oor wie hulle hul ontferm nie!" het party gemor. Daar word met die VSA-hoofkantoor (voortaan Hoofkantoor of VSA genoem) beraadslaag en hulle gee toestemming dat 'n viermankomiteetjie aangestel word wat as skakel tussen die inwoners en Hoofkantoor kon dien, op voorwaarde dat hulle geen uitvoerende magte sou hê nie. Vier persone word toe gekies, naamlik Sarel Kruger (Voorsitter), Japie Reyneke (Sekretaris), Eddie Dunckley en Cora Franck. Kort voor lank luister hulle nie net na klagtes nie, maar stel sommer die probleem self reg. 'n Afleiguit, byvoorbeeld, wat die reënwater na 'n huis se voordeur toe vrylaat, in plaas van weg van die huis af, word summier deur die dame in die komitee morsaf geskop! Japie Reyneke was 'n baie handige man en hy word sommer die "nutsman in nood", veral oor naweke as hier nie 'n enkele werker in sig is nie. Dié vier lede het nie 'n pligtestaat nodig gehad nie. Hulle het aan alles aandag gegee. Sarel Kruger, 'n afgetrede posmeester, het die poskantoor warm gehou oor die aanlê van telefoonlyn (dit was nog voor die dae van e-pos en selfone). Hy het twee maal 'n week die pos sak by die poskantoor op Nylstroom gaan haal en elkeen se pos netjies in alfabetiese hopies op 'n tafel in die leë huis 3C gesorteer, waar elkeen sy pos ná drieuur die middag kon gaan afhaal. Uitgaande pos is ook daar in 'n kartonhouer gegooi, en dan is dit in die pos sak teruggeneem poskantoor toe. Hy het ook een keer 'n maand 'n inwonersvergadering in 3C belê om na klagtes te luister, en het dit dan skriftelik aan Hoofkantoor voorgelê. Die vierde lid, Eddie Dunckley, was die inwoners se skakelman wat inwoners op die hoogte gehou het oor mekaar se lief en leed. Hy het later 'n omsendbrief vir dié doel begin, wat *Kokanje Nuusbrief* genoem is. Hoofkantoor wou elke nuusbrief eers nasien. Dit is ook daar afgerol, gekram en aan Eddie terugbesorg, wat hy dan by die inwoners se pos in 3C gevoeg het. Cora Franck het uitstappies vir die inwoners gereël – soms met 'n skoolbus! Een keer per maand is 'n groepbespreking by "Weesgerus" se restaurant met 'n middagete teen 'n spesiale tarief gereël.



1987



Dienssentrum Verrys uit die bos

Die maande kom en gaan. Die bouery gaan traag voort, maar nie 'n graspol word gelig vir die dienssentrum nie. Gaan dit ooit gebeur? Waarom talm hulle so?

En toe ... uit die bloute begin operasie uitkap een oggend. Toe die eerste bosse vlak voor die eerste ry huise oorkant die pad platgetrek word, kon jy letterlik die sugte van verligting saam met die bosse op die grond hoor neerplof. Eers toe die fondamente van die beloofde dienssentrum soos 'n reuse mosaïekpatroon bleek in die namiddagson lê, vee hoop al die spore van kommer en twyfel van die gesigte af en kon hulle spontaan "Prys die Heer" daar in die aandskemering sing.

Die groepie inwoners kon eers nie kop of stert van die fondamentslote uitmaak nie. 'n *Mystery*, het een dit genoem. Kritiek het ook nie agterweë gebly nie. Die vertrekke lyk soos voëlhokkies! Weet die mense ooit wat hul doen? Ja, ten spyte van al die doemprofete op die kantlyn, het die mense presies geweet wat hulle doen. Die enorme fondamente, wat meer soos 'n reuse labirint gelyk het, het stadig maar seker begin groei – en so ook elke dag teen sononder die "eksperte" se kritiek. Inwoners is later die terrein verbied, maar sodra die laaste bakkie van die bouers tussen die bosse verdwyn, tree die

"inspeksiespan" na vore. Niks kon hulle van dié *mystery* weghou nie.

Toe die saal se raamwerk teen die blou lug afgeëts staan, was die "boukeners" oortuig dat die raamwerk hopeloos te lig is om so 'n groot struktuur te dra! "Foute" is natuurlik klokslag elke oggend aan die bouers uitgewys – tot hul groot ergenis en frustrasie!





Die staalstruktuur van die saal wat kamma so krities bejeën is! (Foto: Ans Theron)



Die siekeboeg en saal in aanbou. (Foto: Willie Botha)



Lugfoto van Lekkerbreekstraat, fase 1 (Foto: Barbara Nel)

Al die kritiek ten spyte (dit was maar sommer om die bouers so 'n bietjie te tempteer!), het dit nogtans by almal groot agting en respek afgedwing dat 'n aftreeoord van hierdie formaat uit so 'n stuk ongerepte bos geskep kon word sonder om die natuur onnodig te skend. Die dienssentrum van weleer was nie so groot soos die huidige hoofgebou nie. Die gebou het geleidelik saam met die inwonertal gegroei. Aan die begin was dit nooit die bedoeling dat die oord sulke afmetings moes aanneem nie, maar dié oord, so knus tussen die bosveldbome geleë, het mense van heinde en ver gelok. Die aanvraag het die aanbod gedurig oorskry. Toe dit egter wou lyk of die hele bos ingesluk gaan word, het die inwoners begin mor. Die bos is juis wat Kokanje uniek maak. Nou kan almal maar net hoop daar sal nie nog bome voor betonstrukture moet val nie. Almal het immers uit betonoerwoude gevlug om die rustigheid van die bos te kan geniet. Hier het inwoners die voorreg om baie soorte velddiertjies en voëls feitlik van hulle voorstoepe af te geniet. Soms rig hulle skade in mense se tuine aan, maar nou ja, Kokanje het hulle habitat binnegedring – en dan plant die inwoners boonop vir hulle kos om van te kies en te keur!

Dit is seker vandag almal se bedede dat die lappies bos wat oorbly, vir mens en dier en die nageslag behoue sal bly.

Alles vat tyd - party dinge vat net langer

Al die fasiliteite het nie gelyk gekom nie, maar dit was deel van die droom en sou dus mettertyd aandag geniet. Natuurlik het daar glipsies in die beplanning ingesluip (dit gebeur maar as die jonger geslag hulle in die ouer geslag se behoeftes en leefstyl probeer indink sonder om hulle te raadpleeg). Die ondoelmatige lokale is egter later na die inwoners en administrasie se behoeftes ingerig, so byvoorbeeld is die onpraktiese lesing- en musiekkamers wat in onbruik gestaan het, later omskep in 'n raadsaal, wat nooit by die oorspronklik planne in berekening gebring is nie. Dan was daar ook die kwessie van afdakke. Die Therons (die eerste intrekkers met 'n motorwoonwa) is belowe daar sal afdakke gebou word, maar hulle Autovilla moes, tot hul onsteltenis, maandelank in wind en weer staan. Later kom daar nog woonwaens by en die manne is hoegenaamd nie gediend met die idee dat hulle duur woonwaens 'n gratis blyplek vir voëls, goggas en ander velddiertjies moet wees nie. 'n Toegewing word vir vier afdakke gemaak, maar daarby moet dit bly. Daar is nie vir afdakke begroot nie. Maar voornemende kopers met woonwaens stel 'n ultimatum: óf die woonwa kom saam, óf hulle kanselleer die koop. Die baie woonwaens wat tans oral op die Oord onder die rye netjiese afdakke te sien is, verskaf die antwoord op die ultimatum – al het die velddiertjies nog toegang tot hul gratis verblyf!



Dienssentrum gereed vir inwyding

1988



Hoofingang van dienssentrum

Preflude tot die inwyding

Nog voor die amptelike opening van die dienssentrum is 'n funksie van 'n ander aard gereël.


Op daardie stadium was hier al 'n hele paar Vroue Landbou-Unie-lede woonagtig. Hulle het hul maandelikse VLU-byeenkomste gemis. Ans Theron, oud-hoofbestuurslid van die TVLU, is gevra om vir die dames maandeliks 'n tee te reël. Maar die VLU was en is nie 'n teekklub nie – die dames wou iets doen. Die eerste taak was toe voor die hand liggend: om die bome wat tydens die bouery van die dienssentrum verwyder moes word, weer te vervang. Die boomplantfunksie word gereël om met die Nasionale Boomplantdag, vroeg in September 1988, saam te val. Om 'n bietjie meer glans aan die geleentheid te gee, word die burgemeester as eregas na die funksie genooi.

Op daardie stadium was die aansluitingspad tussen die oord en die Vaalwaterpad nog nie geteer nie. 'n Paar weke voor die seremonie sou plaasvind, word die pad ewe onverwags geteer en kon die burgemeester, soos dit 'n man van sy statuur pas, sonder 'n stoffie op sy ampsmotor die oord binnery. "Sien," het die voorsitter grappenderwys in haar verwelkoming gesê, "dis hoe 'n mens te werk gaan as jy graag iets wil hê – nooi die regte mense!" Danksy die tydige teerpad, kon al die gaste die volgende maand die inwydingsplegtigheid moddervry bywoon, want dit het op daardie dag gestortreën.

Die klem wat op die pad gelê word, is nie om dowe neute nie. Dit was vir die inwoners 'n doring in die vlees, want sonskyndae het die bouers se vragmotors die pad stofgetrap en reëndae was dit 'n rooi modderbaan. In albei gevalle moes die motors (sommer die eienaars se voete ook) by tuiskoms dadelik afgespuit word – sommer met die buurman naaste aan die pad se tuinslang, want almal kon nie met hul motors naby hul eie kraan kom nie. Gelukkig was dit voor die tyd van die watermeters!

OORSPRONKLIKE VLOERPLAN VAN DIE DIENSSENTRUM

Dis duidelik dat die argitek destyds in terme van 'n ouetehuis gedink het, vandaar die handwerkkamers vir mans en dames, lees- en musiekkamers en dergelike onpraktiese lokale. Die waskamertjie (langs die leeskamer) was bedoel om die siekeboeg se beddegoed ensovoorts te was! (Sien rooi pyltjies). Alles kon later doelmatig omskep word.



Ingebruikneming van dienssentrum

21 Oktober 1988

'n Grootse oomblik vir die VSA en die inwoners – wat amper skeefgeloop het. Blinkoog en opgewonde sit die inwoners die saal vol in afwagting van die openingseremonie. 'n Stortreën daver op die dak, wat alle klank binne-in die saal uitdoof. Onder die gedruis probeer die seremoniemeester verduidelik dat hulle vir die hoofgas, minister Amie Venter, wag wat per helikopter van Pretoria sou kom, maar weens die geweldige reën kon die helikopter nie opstyg nie, en hy word nou met 'n spoed per motor gebring. Danksy die tydige teer van ons pad, kon die minister toe 'n uur later op 'n nat teerpad ingeruis, in plaas van op 'n modderpad ingegly, kom!



En toe, asof die minister se aankoms die teken vir die natuur was, bedaar die geklater op die dak tot 'n sagte ruising en kon ds. Landman Vogel van die Gereformeerde Kerk, Nylstroom, in 'n gewyde stilte die verrigtinge met Skriflesing en gebed open .

'n Ongelooftlike trots laat die harte swel om dié groot oomblik te kon meemaak, maar intenser nog as die trots, is die groot dankbaarheid vir die onuitspreeklike genade dat 'n droom tog verwesenlik is.



Mnr. Hans Olivier, Hoofbestuurder van die VSA, tree as seremoniemeester op by dié feestelike geleentheid. Hy kyk eers op en laat die mense skater toe hy ewe droog sê: “Die dak lek ten minste nie!” Dit moes vir hom, as mede-ontwikkelaar van Kokanje, 'n baie emosionele oomblik gewees het en die grappie het beslis die spanning verlig.



Links: Verwelkomingsboodskap namens die Nylstroom Dorpsraad deur die burgemeester, raadslid H.H. (Mias) Nieuwoudt.

Middel links: mnr. A.A. (Amie) Venter, Minister van Plaaslike Bestuur en Behuising lewer sy openingstoespraak.

Middel regs: mnr. J.P. (Andy) Anderson antwoord namens die inwoners van Kokanje.



Nadat dr. Colin Cameron die bedankings gedoen het, is almal gevra om na die voorportaal te beweeg, waar mnr. Venter 'n plaat onthul het. (Die plaat is later na die raadsaal verskuif).



Strydom-Bouers se twee groot skenkings

INWONERS EN PERSONEEL AANVAAR MET GROOT DANK HUL EERSTE KOMBI-BUSSIE

Dit is met groot waardering en dankbare harte dat die groot skenkings van Strydom-Bouers – die bussie vir die inwoners en die bakkie vir die werkswinkel – in ontvangs geneem is. Vir baie bejaardes met 'n gestremdheid van die een of ander aard, en veral die dames wat nie 'n motor kan bestuur nie, was dit 'n oplossing vir hulle probleme. Hulle trots en die onafhanklikheid wat hulle nog geniet, het dit vir hulle baie moeilik gemaak om ander in die oë te kyk as hulle aankope of besigheid in die dorp wou gaan doen. Die bussie was ewe-eens vir die personeel 'n groot uitkoms, want hulle moes hul eie voertuie vir amptelike doeleindes dorp toe gebruik.

Inwoners kon nie wag om die nuwe bussie behoorlik uit te toets nie. Chrissie Opperman (die Oordbestuurder se vrou in pienk rok) willig in om 'n paar inwoners vir 'n daguitstappie na Sun City te neem. Hier arriveer hulle by Sun City (sien foto), vol hoop dat hulle genoeg geld gaan wen om nog 'n bussie te koop!



WERKSWINKEL NEEM HULLE BAKKIE IN ONTVANGS



Wollie Kloppers, die eerste terreinopsigter van die Oord, staan breë bors hier by die werkswinkel se groot geskenk. Sy vorige bakkie was ook al diep in sy "genadejare" – soos baie van die inwoners – en derhalwe vol nukke. 'n Baie tydige geskenk.

1989 *Markpryse daal...* *En huisverkope kom tot stilstand*


Huisverkope kom oral byna tot 'n stilstand. Die ontwikkelaars raak benoud, want verkope by die Aftreeoord kom ook feitlik tot 'n stilstand. Die bouers raak erg bekommerd, want hulle kan nie werkers aanhou as daar nie werk vir hulle is nie. Dank hy hulle af, sou dit beteken dat nuwe werkers later weer van vooraf aangestel en opgelei moes word.

Almal hou asem op, behalwe die klompie inwoners van die Aftreeoord. Hulle is min gepla. Vir een keer in hulle lewe is die skommeling in huispryse nie hulle bekommernis nie. Hulle het 'n dak oor hulle koppe en buitendien, teenoor die swaarkry waaraan 'n staatsamptenaar sy lewe lank gewoond was, is hulle nou in Luilekkerland!

Vir die eerste keer dink die ontwikkelaars daaraan om die aftreeoord te adverteer. Die bygaande foto verskyn toe (tot Wouter en Ans Theron se verbasing) maande lank op die agterblad van *Die Staatsamptenaar*, maandblad van die VSA. Terselfdertyd word die groot besluit geneem om die aftreeoord oop te stel aan die privaatsektor. Maar, helaas, daarmee gepaardgaande, 'n nuwe kopseer: eise vir groter huise.

Nuwe planne moes van vooraf geteken word.

(Let op die eerste telefoonkode en -nommer van Nylstroom.)



Done your duty?

Call
Kokanje ☎(01531) 7 1051

Foto: Willie Botha, 4D.

Die VSA het graag gespog dat hulle nie nodig het om Kokanje te adverteer nie; die Oord adverteer immers homself. Maar kyk hoe subtiel word Kokanje hier op *Die Staatsamptenaar* van Januarie 1991 se voorblad geadverteer. Dié pragtige foto van die "paddadam", suid van fase 11, is deur wyle Willie Botha in 1990 geneem. Inwoners het graag laat in die middag daar gaan sit (soms met 'n glasie wyn in die hand) om te luister hoe die natuur stil word, en die dag hom oorgee aan die nag. Die weggesteekte bankie tussen die lang gras is tans nog die enigste stil getuie van wat was.





Die suksesverhaal

van Kokanje

Prof. S.S. (Barnie) Barnard

Tot sover het ons die ontstaan van Kokanje ter inleiding net in breë trekke geskets. In hierdie artikel vertel prof. Barnie Barnard, wat sedert sy koms na Kokanje diep spore oor tien jaar op bestuursvlak getrap het, vir ons op 'n baie interessante, goed deurdagte wyse wat eintlik agter die skerms aan die gang was. Inwoners is gewoonlik onbewus van 'n raad se kopkrappery – soms kopstampery met die bestuursagent (VSA) – om so 'n groot organisasie vlot te laat verloop en die inwoners ingelig en gelukkig te hou.

Om die volle suksesverhaal van Kokanje Aftreeoord (Oord) sedert die beginjare in 'n enkele artikel te verwoord, is 'n onbegonne taak. Daar word derhalwe gepoog om hoogstens sowel 'n fragmentariese as 'n kursoriese oorsig te gee van enkele gebeure sedert die amptelike opening van die Oord.

BEGIN VAN DIE INWONERS SE INSPRAAK MET BETREKKING TOT DIE BESTUUR VAN KOKANJE

Sedert die amptelike opening het die VSA daartoe ingestem dat inwoners 'n advise-rende rol kon vervul ten opsigte van die bestuur van die Oord. Aan die einde van 1988 is daar dan ook besluit om 'n advieskomitee van inwoners saam te stel ten einde die Hoofbestuur van die VSA van advies te dien ten opsigte van die bestuur en verdere ontwikkeling van die Oord.

Die eerste vergadering van 'n gekonstitueerde Advieskomitee is op 9 Januarie 1989 gehou. Dié Komitee is soos volg saamgestel:

EERSTE ADVIESKOMITEE

1989



**V.l.n.r. (bo): Ans Theron;
Pieter Muller; Japie Reyneke
(Sekretaris); Sarel Kruger
(Voorsitter) en Chris Nel
(Ondervoorsitter).**

Op voorstel van dr. Chris Nel is die naam Kokanje Aftreeoord deur die Raad van Direkteure (VSA) amptelik goedgekeur.

AL HOE MEER INSPRAAK IN DIE BESTUUR VAN DIE OORD

'n Regskommissie, naamlik dr. C. Nel, mnre. G. Havemann, J. van Rooy, G. Smith en adv. C. van der Walt het op 28 Junie 1994 vergader ten einde te bepaal hoe die Oord wetlik geadministreer moet word ingevolge die Wet op Behuisingsontwikkelingskemas vir Afgetrede Persone (Wet nr. 65 van 1988) en die regulasies daarkragtens uitgevaardig. Onder leiding van mnre. Garbet Havemann is vasgestel dat die genoemde Wet onder meer die volgende behels:

- Die Kokanje Bestuursvereniging (KBV) moet as regspersoonlikheid sy beslag kry.
- 'n Bestuursagent (BA) moet aangestel word om namens die KBV die Oord te bestuur.
- 'n Bestuurssooreenkoms moet daargestel word om die pligte van die BA te bepaal.
- 'n Bestuurskomitee (BK) moet verkies word om namens die KBV die genoemde ooreenkoms met die BA na te kom.

Tydens die eerste vergadering van die KBV op 4 November 1994 is die bogenoemde doelstellings aan die inwoners verduidelik en is daar besluit om die betrokke Wet 65 van 1988 te aktiveer.

Op 14 Februarie 1995 is die volgende persone as lede van die eerste Kokanje-komitee deur die okkupasiereghouers (inwoners) verkies. Hierdie Komitee moes as verkose lede van die KBV alle bevoegdhede en pligte uitvoer wat die KBV hom oplê, dus die belange van die inwoners behartig.



KOKANJE

se eerste Bestuurskomitee



V.l.n.r. (agter): Kobus Nel (Oordbestuurder); Jan Serfontein (Sekretaris); Barnie Barnard; Lood de Jager. (Voor): Hester Bester; Ans Theron (Hulpsekretaris); Garbet Havemann (Voorsitter); Hans Olivier (Ondervoorsitter); Jani Oliver en Maryna Becker. (Inlas): Ben Botha. Die vier ampsbeksleërs het die eerste Dagbestuur gevorm.

In 'n goed gemotiveerde voorlegging het dr. Tom Boshoff tydens 'n algemene jaarvergadering van die KBV in November 1996 dit gestel dat dit nie 'n aftreeoord van Kokanje se formaat en status langer pas om deur 'n komitee, met sy beperkte magte, bestuur te word nie. Hy het geoordeel dat Kokanje met sy groot inwonertal gunstig vergelyk met enige dorpsraad of watter raad ook al. Omdat die woord "raad" behels dat dit 'n bestuursliggaam met groter en beter bedingingsmagte is, het hy die vergadering versoek om toe te stem tot die naamsverandering na Kokanje Raad. Die inwoners het met 'n oorweldigende meerderheid ten gunste van die benaming gestem.

Die VSA het daartoe ingestem dat die Komitee, aangestel deur die KBV, se naam voortaan die Kokanje Raad sou wees. Die funksie van die Raad sou dan wees om voortaan namens die KBV op te tree en met die Bestuursagent, die VSA, saam te werk en besluite te neem in belang van alle inwoners, maar nie om enige lenings namens die KBV aan te gaan of om die KBV onder enige finansiële verpligting te plaas nie. Die Raad is toe in staat gestel om namens die KBV die oorhoofse beleid vir die Oord in samewerking met die VSA te bepaal.



KOKANJE

se eerste Raad



V.l.n.r: (voor): Hester Bester; Valerie Botha; Ans Theron (Hulpsekretaris); Barnie Barnard (Voorsitter); Jan Serfontein (Sekretaris); Jani Oliver; en Maryna Becker. (Agter): Jan Siertsema; Deon König; Nichol van der Merwe; Johan Potgieter (VSA-vertegenwoordiger); Kobus Nel (Oordbestuurder) en Tom Boshoff.

AANLOOP TOT SELFSTANDIGWORDING

Vanweë 'n gebrek aan geld kon die Raad min doen om noodsaaklike fasiliteite in belang van die inwoners daar te stel. Die muur tussen die sogenaamde leeskamer en musiekkamer (wat 'n stoorkamer geword het), is in 1996 uitgebreek om die raadsaal vir vergaderings gereed te maak. Die VSA moes uiteindelik genader word vir die nodige geld om die betrokke lokaal te meubileer. By 'n volgende geleentheid moes die VSA genader word om te betaal vir die gaas wat bestel is om by die vensters van die eetsale aan te bring.

Verskillende pogings is aangewend om geld vir die verdere ontwikkeling van die Oord te in. Daar is onder meer in 1996 'n basaar onder leiding van Hester Bester gereël. Die totale opbrengs van hierdie fondsinsamelingspoging was die mooi bedrag van R64 613,40. Twee derdes van hierdie bedrag is na die Kokanje Eenheid vir Verswakte Inwoners (KE) oorgedra en die orige derde na die Oordfonds.

Na 'n gesprek met mnr. Johan Potgieter (Adjunkhoofbestuurder) in 1996, het hy aangebied om die Raad se kommer oor die toekoms van Kokanje, onder meer as gevolg van 'n gebrek aan eie fondse, aan die Hoofbestuurder en die Raad van Direkteure (VSA) voor te lê. Daar moes onder meer aanbeveel word dat 'n geldelike bydrae aan die KBV gemaak word wanneer 'n woonhuis herverkoop word sodat die Raad bepaalde verpligtings kon nakom. Die wens van die KBV om uiteindelik selfstandig te word, moes ook aan die Direksie van die VSA oorgedra word.

Die voorlegging van mnr. Potgieter, namens die KBV, met betrekking tot die kapitaalbehoefte en die selfstandigwording van die Oord is gunstig deur die VSA se Raad van Direkteure oorweeg. Dié besluit was voorwaar 'n deurbraak en die President van die Raad van Direkteure, adv. G.J.C. (Koot) Myburgh, is versoek om die besluit van die Direksie persoonlik tydens 'n inligtingsvergadering aan die inwoners oor te dra. Adv. Myburgh het die volgende meegedeel:

- dat outonomie aan die KBV in beginsel toegestaan word;
- dat die bedrag van R5 000,00, wat van tyd tot tyd aangepas kan word, by die herverkoop van wooneenhede by die verkoopprijs gevoeg word, en die bedrag na die KE-fonds oorgeplaas word;
- dat 25% van die VSA se wins op herverkope en 'n gedeelte van die boedelbates wat gerealiseer is, aan die KBV oorbetal word ten einde die lopende uitgawes van die KBV te dek;
- dat die KBV gemagtig word om voornemende kopers en diensverskaffers te keur voordat okkupasiereg en huurkontrakte toegeken word.

KOKANJE AFTREEOORD WORD DIE EIENDOM VAN DIE OKKUPASIEREGHOUDERS

In opvolging van adv. Myburgh se mededeling aan die inwoners van Kokanje, het mnr. Casper van Rensburg, Hoofbestuurder (VSA), die Kokanje Raad meegedeel dat daar sedert die totstandkoming van die Kokanje Bestuursvereniging met 'n regspraaklikheid, 'n nuwe onderlinge verhouding met die VSA tot stand gekom het. Hy het die Raad dan ook meegedeel dat die Direksie van die VSA besluit het om aan die Oord 'n voorkoopsreg te gee. Die waardasie van die Oord was op daardie stadium meer as R80 miljoen. Die VSA het die okkupasiereghouders (inwoners) tegemoet gekom deur daartoe in te stem dat die inwoners by wyse van die aankoop van hulle okkupasieregte alreeds 'n substansiële deel van die waardasiebedrag betaal het. Die koopprijs van die Oord is toe bepaal volgens die berekende ongerealiseerde boedelbates en surplus op die herverkoop van woonhuise wat aan die VSA verskuldig was op 31 Julie 1999. Die aankoopprijs is toe vasgestel op 'n uiters billike bedrag van R8 075 289,75 en dit **rentevry!** Geen voorwaardes ten opsigte van 'n termyn of vaste betalings is gestel nie.

Daar is op 29 September 1999 'n koopkontrak met die VSA aangegaan waarvolgens eienaarskap van Kokanje Aftreeoord deur die okkupasiereghouders op die genoemde uiters gunstige voorwaardes oorgeneem is.

Die afbetaling van die koopprijs sou 'n aanvang neem nadat die Oord in die naam van die stigter Kokanje Maatskappy geregistreer is. Die VSA het voorts daartoe ingestem dat alle herverkope vanaf 1 Augustus 1999 as afbetaling van die koopsom sou dien.

'n Ingelyfde Maatskappy sonder 'n aandeelkapitaal ingevolge art. 21 van Wet nr. 61 van 1973, naamlik die Kokanje Aftreeoord Maatskappy, is in 2000 geregistreer. Die direkteure van die Maatskappy sou voortaan dieselfde elf persone wees wat deur die KBV verkies word as lede van die Kokanje Raad.

1998

KOKANJE

se eerste Raad/Direksie



V.l.n.r: (voor): Frik Kotzé (Sekretaris); Jani Oliver; Sakkie Mans (Voorsitter); Anna du Toit; Bernie Barnard (Ondervoorsitter). Agter: Johan Prinsloo; André Deacon; Maureen Neethling; Koos Roets; Kobus Nel (Oordbestuurder) en Piet Maré. Inlas: Charles van Aardt.

Die taak van die Direksie is om die Oord te bestuur, te bedryf, te onderhou en woonakkommodasie van goeie gehalte aan die afgetrede okkupasiereghouers te verskaf. Daar moet onder meer toegesien word dat een ete per dag, uitgesonder naweke en openbare vakansiedae, aan elke inwoner verskaf word, en dat versorgingsdienste, benewens akkommodasie, aan verswakte bejaardes verskaf word. Die inkomste van die maatskappy, uit welke bron ook al verkry, moet uitsluitlik aangewend word vir die bevordering van die hoofdoelstellings, en geen gedeelte daarvan mag regstreeks of onregstreeks, by wyse van dividend, bonus of andersins, hoe ook al, aan lede van die maatskappy oorgedra word nie. Die koopkontrak en tersaaklike dokumente is aan die begin van 2000 vir registrasie aan die Aktekantoor gestuur, nadat daar vrystelling vir die betaling van hereregte verkry is. Die tersaaklike dokumente kon ook aan die prokureurs, Malan en Steyn, besorg word sodat die Oord in die naam van die Kokanje Aftreeoord Maatskappy geregistreer kon word.

Na vertoë deur die Direksie en voorlegging van bepaalde dokumente, is berig ontvang dat die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens die KBV vrygestel het van die betaling van inkomstebelasting, behalwe op winste uit beleggings kragtens art 10(1)(e) van die Inkomstewet.

Teen die einde van Maart 2000 is die bedrag van R42 500,00 alreeds op die koopsom afbetaal en aan die einde van Desember 2004 was die uitstaande saldo R295 672,00. Die verwagting was toe dat aangesien die delging van die skuld by die VSA goed gevorder het, die uitstaande bedrag aansienlik gouer afbetaal sou kon word as die beplande 10 jaar.

In 'n skrywe van die VSA het die Direksie van die VSA die KBV ingelig dat die VSA vanaf 1 Julie 2003 nie meer as bestuursagent van Kokanje gaan optree nie. Alle administratiewe en finansiële funksies is sedert 30 September 2003 aan die KBV oorgedra. Die KBV moes egter die VSA van alle finansiële state en begrotings rakende die Oord voorsien tot tyd en wyl die uitstaande skuld gedelg is. Die KBV het sedertdien self as Bestuursagent opgetree.

Die uitstaande saldo van die koopsom is finaal in Oktober 2005, binne die bestek van ses jaar, afgelos. Tydens 'n spoggerige feesete op 1 Desember 2005, waartydens verskeie verteenwoordigers van die VSA teenwoordig was, is daar op gepaste wyse hulde gebring aan diegene wat by die oorspronklike onderhandelinge betrokke was. Al die inwoners het tydens dié besondere funksie die geleentheid gekry om die groot vreugde met mekaar te deel toe die oordragtransaksie finaal tussen die VSA (die voormalige ontwikkelaars) en Kokanje plaasgevind het. Wat kan immers vir die inwoners meer beteken as die reg op volwaardige eienaarskap van die Oord en hulle gelukkige verblyf in hulle eie eiendom wat gesond en suksesvol vir hulle bedryf word?

Kokanje vier fees!



Mnr. Koos Roets (regs), Voorsitter van die Kokanje Raad, ontvang met trots die oordragsertifikaat van adv. Koot Myburgh, President van die VSA, tydens die noenmaal.



Regs: Koos Roets
(Voorsitter van die Raad)
saam met VSA-personeel
wat met die stigting van
Kokanje gemoeid was.

V.l.n.r: Johan Potgieter,
adv. Koot Myburgh, Koos
Roets, Colin Cameron,
Kobus Nel, Hans Olivier en
Reinier Opperman.

'n Feesmaal om te onthou!



Eetsaal 1

**Al drie die eetsale, plus die saal tot
op die verhoog, is volgepak met
feesvierendes!**



Eetsaal2

**En tog ... sommige se kommer wou
maar nie gaan lê nie ... vier ons nie
dalk ons ondergang nie ...?**



Eetssal 3

**Maar die punt kan nog lank nie
agter die verhaal geplaas
word nie ...**



OORNAME VAN DIE PERSONEEL VANAF DIE DIENSSTAAT VAN DIE VSA NA DIÉ VAN DIE KBV

Tydens 'n spesiale raadsvergadering wat op 12 Februarie 2001 gehou is in 'n vergadersaal in die VSA-gebou, Pretoria, is die personeelkwessie breedvoerig bespreek. Mnre. Casper van Rensburg (Hoofbestuurder) en Johan Potgieter (Adjunk-hoofbestuurder) het die VSA tydens die vergadering verteenwoordig.

Daar is ooreengekom dat die personeellede wat in Kokanje werksaam was, oorgeplaas word vanaf die VSA se personeeldiensstaat na dié van die KBV. Tydens die Algemene Jaarvergadering van 27 Maart 2001 is die kwessie van die personeeloorname aan die inwoners voorgelê. Die Kokanje Raad moes onder meer 'n onderneming gee dat die diensvoorwaardes van die Kokanje-personeel nie swakker sou wees as tydens hul dienstydperk by die VSA nie. Benewens die oorname van die personeel vanaf die diensstaat van die VSA, was die daarstelling van nuwe diensvoorwaardes, die herorganisering van departemente, hersiening van pligstate en posevaluering in Maart 2005 grootliks afgehandel.

Daar is hoë waardering vir die ywerige en bekwame dienslewering deur lojale personeellede. Kokanje het voorts oor die dienste beskik van goed toegeruste en roepingsbewuste Oordbestuurders, naamlik mnre. Reinier Opperman (1988-1993), Kobus Nel (1993-2004), Burger Pienaar (2004-2009) en Wessel van Heerden aan die stuur (2009-). Daarbenewens is daar 'n gesonde en gebalanseerde personeelverhouding gesmee en die hoop word gekoester dat dié goeie verhouding sal voortduur.

Kokanje se Oordbestuurders



**Wessel van Heerden
2009-**

(Inlas): Brummer Klaasen (VSA-personeellid) 1987-1988; Reinier Opperman (VSA-personeellid); Kobus Nel (VSA-personeellid); Burger Pienaar en tans Wessel van Heerden.

Kokanje se eerste administratiewe personeel



**Tersia Scheepers,
Sekretaresse**



**Chrissie Opperman,
Kombuisbestuurder**



**Miem Kloppers,
Ontvangs**



**Wollie Kloppers,
Terreinbestuurder**

OPRIGTING VAN GEBOUE

1. Die eerste huise (fases 1 en 2) is in 1986/1987 opgerig op die aangekoopte terrein van 64 hektaar. Op grond van talle versoeke is daar in 1988 besluit om die Oord nie meer net vir afgetrede staatsamptenare oop te stel nie, maar ook vir ander belangstellendes.
2. Die eerste 30 wonings in fase 3 is in Julie 1988 en die laaste 30 wonings in September 1988 voltooi. Die dienssentrum is in Mei 1988 voltooi. Die eerste ete in die dienssentrum is aan die begin van Junie 1988 aangebied.
3. Vanweë die flinke verkoop van woonhuise is daar in 1988 besluit om sonder versuim te begin met die bou van 60 huise (fase 4) en daarna 70 wooneenhede (fase 5) wat in 1989 voltooi is.
4. Daar is in 1989 besluit om eetsaal 2 te vergroot. Tenders is voorts aangevra vir die oprigting van die werkswinkel en versorgingseenheid. Eetsaal 3 en die sportkompleks is in 1991/92 voltooi. In 1991 het die bouwerk aan wonings in fases 6 en 7 'n aanvang geneem.
5. Ten einde Kokanje se lopende bedryfskoste te stabiliseer, is daar besluit om 84 wooneenhede in fase 8 so spoedig doenlik te bou. Vir hierdie doel is 'n verdere stuk grond, 24 hektaar groot, van die Nylstroom Dorpsraad aangekoop teen R1 500 per hektaar. Die huise is gedurende 1994 voltooi.
6. In Augustus 1995 is tenders gevra vir die oprigting van 160 woonhuise in fase 9. Daar is vir dié doel 'n verdere 28 hektaar van die Nylstroom Dorpsraad aangekoop. Daar is kort na die aanvang van die boubedrywigheide probleme met die grondformasies ondervind. Daar is besluit om die totale gedeelte onder die wooneenhede 'n meter wyer as die buitelyn van die gebou tot 'n diepte van een meter uit te grawe. Bykomende vulling van beter grond was nodig. Die grond vir die nodige vulling van fondamente (en later ook vir fase 10) is verkry uit die gat wat by die nuwe toegangshek gegrawe is. Nadat die bouwerk afgehandel is, is alle bourommel en boomtakke in die gat gegooi met die gedagte om dit mettertyd met grond te bedek. Omdat daar water in die gat versamel het, is die moontlikheid


oorweeg om die rommel te verwyder en sowel die watergat en omliggende terrein in 'n ontspanningsgebied te omskep. Na onderhandeling met die VSA is die bedrag van R35 000 ontvang om onder meer die rommel uit die watergat te verwyder. (Aanvanklik was die gat bekend as "Titelgat", omdat inwoners hul titels daarin moes gooi.) Daar is later op die huidige naam, naamlik Rus-'n-Bietjie, besluit. Die besondere versameling aalwyne by Rus-'n-Bietjie, asook elders in die Oord, is 'n nalatenskap van Hannes Cloete.

7. Aan die begin van 1996 het dit duidelik geword dat weens die hoë rentekoerse op huislenings, eienaars van huise in stede en op dorpe dit moeilik gevind het om hulle eiendomme te verkoop om in Kokanje te koop. In 'n poging om huise in fase 9 te verkoop, is daar in Maart 1996 'n advertensieveldtog geloods om kopers te verkry. 'n Skouhuis is ingerig om voornemende kopers oor naweke te akkommodeer. Advertensieborde is onder meer by die afrit van die N1-deurpad by Kranskop aangebring, asook by die Vaalwaterpad, ten einde vakansiegangers en ander motoriste te bereik. Daar is selfs 'n beloning van R500 aangebied aan die inwoner wat 'n koper kon vind. Daar is met die bouaannemer gereël om die bouprojek in te kort en af te skaal. Sedert die einde van 1997 en die begin van 1998 het die verkoop van die oorblywende huise vinniger plaasgevind as gevolg daarvan dat rentekoerse op huislenings afwaarts aangepas is.
8. Die 20 woonhuise in fase 10 is aan die begin van 2000 voltooi wat die totale aantal woonhuise in Kokanje op 571 te staan gebring het. As deel van die bouprogram van fase 10 is die koopsentrum met die kiosk, poskantoor, haarsalon en skoonheidssalon opgerig.
9. Tydens 'n spesiale algemene vergadering in September 2004 het die inwoners as lede van die Kokanje Aftreeoord Maatskappy, daartoe ingestem om 24 wooneenhede (fase 11) op te rig ten einde uit die "wins" die geld te bekom om onder meer 'n noodsaaklike uitbreiding met agt kamers by die KE te finansier.
10. Benewens die drie personeelwonings, is daar tans 'n totaal van 592 woonhuise wat doelmatige huisvesting aan meer as 900 inwoners bied.



TERREINPLAN NR. 2

U kan op hierdie kaart sien hoe die uitbreidings waarna Barnie Barnard in sy artikel verwys, mekaar opvolg. Let op hoe die groepering van huise vanaf fase 6 verander het om die groter huise so ekonomies moontlik op die beskikbare terrein in te pas.



Onder: Ingang na Rus-'n-Bietjie, die parkie by die watergat waarna Barnie Barnard in sy artikel verwys.





Bo: 'n Deel van Rus-'n-Bietjie se dam (ook bekend as "titelgat"). Dit is intussen beter beveilig.

Regs: Hannes Cloete, die man wat bekend was as "Kokanje se aalwyn-koning", by sy aalwyntuin wat hy aan Kokanje geskenk het en self onderhou het. Hierdie merkwaardige man se skenking is vandag 'n sieraad vir Kokanje, en 'n pragtige monument vir homself.



Foto: Rita Bosman



Inwoners kan ure by hierdie dam deurbring en rustig na die voëls en eende in en om die water kyk. Netjiese bankies en tafeltjies is onder grassambrele langs die water vir hierdie doel aangebring. Gesellige kuiertjies is al vir inwoners hier teen sonder in die somer gereël. Elkeen het sy eie piekniekmandjie, kampstoel en opvoutafel gebring en lekker tot sterk skemer saamgekuier.



die
TROTS
van Kokanje
Sr. Liz Halewijn
Bestuurder:
Gesondheidsdiens



Die KE het uiteraard teen dieselfde tempo as die Oord ontwikkel. Barnie Barnard, in samewerking met sr. Liz Halewijn, die bestuurder van die KE, gee vir ons 'n oorsig oor die rasse skrede waarmee die destydse Versorgingseenheid moes ontwikkel om die steeds groeiende aantal pasiënte te kon akkommodeer. Dit is voorwaar 'n afsonderlike suksesverhaal.

Kokanje Eenheid vir Verswakke Inwoners

Die puik gesondheidsdiens wat inwoners van meet af aan geniet het, is steeds een van die belangrikste oorwegings wanneer voornemende kopers besluit om na Kokanje te verhuis. Die verbetering van die fasiliteite is voortdurend oorweeg en aangebring waar, onder meer, finansies dit toegelaat het. Daar is alreeds in 1989 'n noodhulpkamer ingerig ten einde noodsituasies te akkommodeer. Die Versorgingseenheid (VE) as sodanig is in 1991 met ses dubbel- en vier enkelkamers opgerig.

Intussen is daar met dr. Charles Breedts, 'n nuwe mediese praktisyn in Nylstroom, onderhandel om 'n spreekkamer in die administratiewe gebou te open. Hy begin sy praktyk hier in Kokanje in 1990. Die spreekkamer is ingerig in die huidige kantore van die Bestuurder en Assistentbestuurder van Gesondheidsdiens.

Sr. Liz Halewijn het op 1 Mei 1993 diens aanvaar en het aanvanklik alleen die totale gesondheidsdiens behartig. Daar is in Junie 1993 met sowel tuisversorging as die bloeddrukklíniek begin.

Gedurende Junie 1993 is met die Departement Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling onderhandelings begin ten einde die Versorgingseenheid geregistreer te kry. Inspeksies is gedoen en bepaalde vereistes is gestel waaraan die VE moes voldoen alvorens registrasie kon plaasvind. Ten einde hieraan te voldoen, is 'n verdere R80 000 bestee, wat die totale koste om die VE op te gradeer en registrasie te kry, op meer as R500 000 te staan gebring het. Op 28 Februarie 1994 is die verlangde registrasiesertifikaat uitgereik vir die akkommodasie van sestien verswakke inwoners. Kokanje het op daardie stadium oor die enigste privaat geregistreerde "Tehuis vir Bejaardes" ingevolge die Wet op Bejaarde Persone, 1967, in die Noordelike Provinsie (Limpopo) beskik.

In Nuusbrief 2/1994 van die VSA aan die inwoners is berig dat die verbeterings vir

die opening van die Versorgingseenheid goed vorder en dat daar geadverteer is vir vier verpleegkundiges, assistent-verpleegkundiges en vier versorgers. Verder is daar berig dat verpleegkundiges, asook assistent-verpleegkundiges, by die Suid-Afrikaanse Raad vir Verpleging geregistreer moes wees. Die amptelike opening van die VE het op 4 Augustus 1994 plaasgevind. Op dieselfde dag is die eerste pasiënte, naamlik mev. Hester (Baby) Louw, mnre. Wernich Haupt en Boet du Plooy, opgeneem.

In 2000 is die nodige veranderinge aangebring aan die woonhuis van mnre. Wollie Kloppers, Superintendent: Terrein, wat intussen verhuis het. Dit is waar dr. Breedt, 'n inwoner van Kokanje, se netjiese en goedtoegeruste spreekkamers tans is.

In 2001 is die naam van die VE verander na die naam Kokanje Eenheid vir Verswakte Inwoners (KE). Gedurende dieselfde jaar is 'n nuwe vleuel, Afdeling C, aangebou en in 2004 is Afdeling D aangebou ten einde inwoners met Alzheimer se siekte te akkommodeer. In Januarie 2009 is Afdeling E in gebruik geneem.

Daar is tans vier en veertig beddens vir verswakte inwoners in die KE beskikbaar. Benewens die Bestuurder en Assistentbestuurder is daar agt en veertig personeellede wat op 'n 24-uur-basis in die KE diens doen, terwyl 'n verdere ses personeellede op 'n 12-uur-basis tuisversorging doen. Tuisversorging voldoen aan 'n uiters belangrike behoefte om inwoners in geval van tydelike verswakking en/of siekte so lank as moontlik in hulle wooneenhede tussen mede-inwoners te versorg.



Links: 'n netjiese saal in een van die KE se vyf afdelings waar verswakte bejaardes versorg word. Onder: 'n verpleegkundige op pad om tuisverpleging te gaan doen.



DIE ROL VAN INWONERS

Kokanje se vernaamste bate is die groot aantal inwoners wat van meet af aan hulleself as kundiges (selfs deskundiges) onderskei het, en hulle kennis en ervaring spontaan beskikbaar gestel het. Die gevolg hiervan was dat die Oord sedert die beginjare suksesvol bestuur en geadministreer is. Die inwoners was voorts verantwoordelik vir die stigting en vestiging van 'n groot aantal dinamiese klubs, verenigings en ander aktiwiteite waarby inwoners in groot getalle betrokke is.

Die inwoners van Kokanje erken steeds hul dankbaarheid en algehele afhanklikheid van God, na wie opgesien word vir die nodige leiding vir die pad vorentoe. Aan Hom al die lof, eer, dank en aanbidding.



**Kokanje se
inwonende dokter**

MEDIESE PRAKTYK IN KOKANJE

~ Dr. Charles Breedt ~

'n Oproep van my broer Kobie, predikant van die NG Gemeente, Waterberg, was die rede dat ek my praktyk in Aberdeen in die Karoo, prysgegee het om hier in Nylstroom saam met 'n ou studentevriend, dr. Mich Veldman, te kom praktiseer. Ons het vir Kobie kom kuier en hy het my toe ook aan die bestuur van Kokanje kom voorstel en tot ons groot vreugde het ons toestemming gekry om hier te kom praktiseer. Op 2 Januarie 1990 het ons die praktyk begin in die perseel waar susters Halewijn en Du Toit (nou Booyzen) se kamers tans is.

Aan die begin was hier nie baie werk nie. Hier het toe nog min mense gewoon en 143 huise het leeg gestaan wat nie verkoop kon word nie. Ons besluit toe om nog 'n praktyk in die dorp te begin. Kamers is in 'n gebou oorkant die straat van AE-winkel ingerig. Toe begin ons harde werk: soggens in Kokanje en middag in die dorp. Dit het ook gelei tot ekstra finansiële uitgawes, want alles moes gedupliseer word: tot twee stelle ontvangsdames. Ons was egter baie geseënd en aan die einde van 1990 het die praktyke so gegroei, dat ons 'n vennoot moes aanstel. Met dr. Herman de Bruyn se koms kon ons die werklading verdeel: hy in die dorp en ek in Kokanje. Teen die einde van 1991 moes ons uitbrei en het ons die perseel oorkant die Witkerk by mnr. Jasper Venter, van Venter-sleepwaentjies, gekoop en die gebou, waar dr. Mich Veldman nou werk, daar opgerig. Teen die einde van 1992 het dr. Veldman by ons aangesluit. Ek het nog steeds my praktyk soggens in Kokanje behartig.

In 1991 het ek vir 'n meestersgraad in huisartskunde by die Universiteit van Pretoria ingeskryf en die graad in 1993 voltooi. Die verhandeling vir die graad het gehandel oor die versorging van die bejaarde in die aftreeoord. Met die vestiging van die Versorgingseenheid is van die beginsels in die verhandeling in die bedryf van die VE toegepas.

In 1996 het dr. De Bruyn ons verlaat en het dr. Martin en dr. Judith Spicer by ons begin. In 1996 beland ek ongelukkig in die hospitaal met hartprobleme. Met 'n stent en 'n rekking van die are in my hart, besef ek dat die werksdruk van twee praktyke te

groot vir my geword het. Ons skaal af en gaan net sommige dae na die dorpspraktyk, maar teen 1998 het ek voltyds net in Kokanje begin werk en ook hier kom woon.

In 1998 het die bestuur van die VSA my versoek om na die huidige perseel (vroeër die woning van die eerste terreinbestuurder, Wollie Kloppers) te verskuif. Ons het die gebou aan die binnekant verbou en buitekant aangebou, 'n apteek ingerig, lugversorging geïnstalleer, mettertyd die toerusting aangeskaf en rekenaarsistels geïnstalleer sodat daar nou direkte aanlynkontak met die meeste mediese fondse is. Intussen het ek verder studeer en het tot dusver in dertien sertifikaatkursusse geslaag.

Ek is trots op my kundige personeel wat ook groot lof van die inwoners ontvang. Van Leonie Taljaard, die knap verpleegkundige, Hannelie Venter wat die rekeninge hanteer, Marionette Kieck wat die rekenaarprogramme en mediese fondse hanteer en my privaat sekretaresse is, my vrou, Sonnette, wat die afgelope twee jaar hier uithelp, tot by Thomas wat skoonmaak en medisyne aflewer, staan almal hulle plekke vol en lewer vriendelike professionele diens.

Mev. Marietjie van der Merwe is die fisioterapeut wat ook in die spreekkamer praktiseer. Ons het ook die dienste bekom van mej. Cornelia Matthysen, oudioloog, wat elke Dinsdag pasiënte se ore toets en gehoorapparate verskaf. Mnr. Jacques Human kom ook elke Woensdagoggend en verskaf ortopediese toerusting soos krukke, loopkarretjies en spalke.

Natuurlik is die belangrikste persone in die praktyk die pasiënte. In die loop van 20 jaar het baie gekom en gegaan. Ons eer die nagedagtenis van almal wat nie meer met ons is nie en van wie se lewe ons deel kon gewees het. Die praktyk is soos 'n groot familie. Dit voel of ons almal in 'n groot huis woon met verskillende kamers. Dit is 'n voorreg om so te kan werk. Dit was van kleins af my droom om met 'n dokterstas van huis tot huis te loop en kyk hoe dit met die siekes gaan. En hier kan ek dit doen. 'n Praktyk wat hoofsaaklik uit bejaarde pasiënte bestaan, is nogal uniek en het 'n eiesoortige karakter. Afspraaktye moet by die pasiënte se beweeglikheid (of gebrek daaraan) aangepas word. Nogtans is ons bevoorreg om in 'n vriendelike en veilige omgewing te werk en ons is elke dag dankbaar vir die goeie woorde wat tot ons kom. Ons word weer deur hulle geestelik versterk en vertroos as dit met ons nie goed gaan nie.

Ons is dankbaar vir al die seëninge wat ons te beurt val en ons hoop om nog baie jare, solank ons gesond bly, hier te kan werk.



**Sonette Breedts, Hannelie Venter en Leonie Taljaard.
Marionette Kieck was nie beskikbaar nie.**



**Marietjie van der Merwe,
Fisioterapeut**

KOKANJE SE KOMBUIS



Chris Schulenburg
Bestuurder: Voedseldiens



Marlene Cloete
Vorraadkontroleur

In die beginjare, so vertel Jakkie van Aardt (14C), is die eerste kombuis beman deur Louise Brooks (ook die Oord se verpleegkundige!) en een kok. Jakkie van Aardt en Sarie Potgieter (Louise Brooks se ma en ook 'n inwoner), het die kok in die kombuis vrywillig bygestaan. Twee bediendes moes opwas, skoonmaak en die kos bedien. Die kos is in borde opgeskep en op verhitte rakke gepak, vanwaar dit na die tafels gedra is. Trollies was nog nie beskikbaar nie. Jakkie en Sarie het elke dag se nagereg gemaak en moes daarvoor hul eie resepte vir die ongeveer 160 mense aanpas.

Namate die inwonertal gegroei het, moes ekstra eetsale aangebou word. Die kombuis moes toe ook aansienlik vergroot en opgegradeer word om tans amper 'n duisend smaaklike etes te kan voorberei. Chris vertel hoe dit gedoen word.

HOE DIE KOMBUIS DAAGLIKS FUNKSIONEER

~ Chris Schulenburg ~

Die kombuis se werksaamhede begin alreeds soggens om sesuur. Die drie eetsale word elke oggend skoongemaak. Sodra dit gedoen is, word die kombuisvloere gewas. Tafeldoeke word gereeld gewissel en suiker-, sout- en peperpotjies moet afgegee en gevul word.

Terwyl hierdie werk gedoen word, trek die kokke aan en tree aan vir die dag se werksaamhede. Een kok is verantwoordelik vir die ontbyt, middag- en aandetes wat na die KE moet gaan. Die selfde kok berei ook die spesiale etes voor.



Die kokke roteer elke drie maande tussen die voorbereiding van vleis, stysel en sous onderskeidelik, en dan volg die groente.

Die nagereg wat Dinsdae en Donderdae bedien word, word deur twee vrouens op die voorafgaande dae voorberei. Die kok wat verantwoordelik vir die sous en stysel is, maak ook op Maandae en Woensdae die vla vir die poedings.



Opwasarea, foto: Rita Bosman

Ons probeer sover moontlik om vars groente in seisoen aan te koop en probeer ook om die spyskaarte daarvolgens op te stel. Dit gebeur soms dat sekere groentes nie beskikbaar is nie, en in sulke noodgevalle word bevrore groentes gebruik. Een vrou is verantwoordelik vir die uithaal van voorraad uit die groentestoor en yskaste soos dit vir die dag se maaltyd benodig word. Sy moet ook toesien dat die vorige besending groente eerste uitgehaal word voor dit te oud word en is ook verantwoordelik vir die skoonmaak van die inloopyskaste en -vriestkaste. Die vars groente, soos aartappels, uie en alle ander groente word soggens deur vier tot ses vrouens in die skilkamer geskil, gewas en gesny.

Die droë rantsoene word in die stoor toegesluit en een vrou is verantwoordelik vir die uitreik daarvan. Sy moet ook dit wat byna opgebruik is, vir bestelling aanteken en die stoor skoonhou. Sy is ook verantwoordelik vir die daaglikse uitreiking van koffie, tee, melk en suiker vir die personeel van die kantoor, werkswinkel, sekuriteit en die KE. Op Vrydae en die dag voor 'n vakansiedag is sy verantwoordelik vir die uitreiking van voorraad vir die voorbereiding van die KE se drie etes per pasiënt. Hierdie etes word deur twee vrouens opgeskep en na die KE geneem, waar dit aan pasiënte in hul kamers uitgedeel word.



Opskeppunt in Eetsaal 3

Foto: Rita Bosman

Tydens die inwoners se etenstyd verander almal se pligte weer: die kokke is verantwoordelik vir die opskop van die vleis, twee vrouens skep die slaai op en twee is by die spesiale etes behulpsaam. Ons is werklik baie dankbaar vir inwoners se vrywillige diens by die opskeppunte. Daar is net nie genoeg personeel om dít ook nog te behartig nie. Inwoners wat nie meer self hul kos tafel toe kan dra nie, word deur een vrou in Eetsaal 1 bedien. Tans is daar 20 tot 30 sulke inwoners. Tydens etes word gebruikte eetgerei verwyder en na die opwasarea geneem. Na die ete moet die tafels weer vir die volgende dag netjies gedek word.

Tydens middagetes is twee kokke alreeds besig met die voorbereiding van kos vir die volgende dag. Hulle is ook daarvoor verantwoordelik om inwoners, wat om die een of ander rede nie tevrede is met wat in die eetsaal beskikbaar is nie, van iets anders te voorsien.

Marlene Cloete is verantwoordelik vir die plaas van bestellings, aankope en fakture en is behulpsaam tydens aflewering. Sy verrig alle administratiewe take wat in en om die kombuis gebeur, soos verlof, beserings en navrae deur verskaffers.

Dit is die beskeie plig van die Voedseldiensbestuurder om kop te hou; almal besig te hou; toe te sien dat elke rat deeglik funksioneer en om sy kant te bring om die soustrein op die spoor te hou; personeelkonflik te hanteer; spyskaarte op te stel; met verskaffers te onderhandel en pryse te beding; porsiebeheer toe te pas en, as die kos opgeskep word, toe te sien dat die kos aantreklik lyk as die deksels gelig word.

Interessante statistiek:

- Daar word gemiddeld per dag vir 860 mense kos voorberei, wat 'n gemiddeld van 18 734 etes per maand is, teen die gemiddelde koste (slegs die proviand) van ongeveer R12 per bord.
- Die koste van die voorsiening van kos aan die inwoners (plus die drie etes per dag per pasiënt in die KE) beloop gemiddeld R10 245,39 per dag.
- Die volgende hoeveelhede word elke dag gebruik:

Vleis:

- Vleis met bene: 130 kg; sonder bene: 90 kg; maalvleis: 90 kg; hoender agterkwart: 170 kg; wors: 112,5 kg; lewer: 80 kg en vis 80 kg.

Groente:

- Aartappels: 18-20 sakke; tamaties: 10-14 kissies; blaar-, knol- en peulgroentes: 90 kg.
- **Suiker:** 30-40 kg per dag.
- **Melk:** 100 ℓ.

Die kombuis funksioneer met 27 personeellede. Ek probeer om die span een maal in twee maande bymekaar te bring om te gesels, gevoelens te deel en om weer my dank aan elkeen oor te dra dat ons so lekker saamwerk met die minimum probleme.

Dit is vir ons lekker om ons medemens tot diens te wees. Die positiewe terugvoer en tevredenheid van inwoners is vir ons 'n inspirasie en aanmoediging, en daarvoor kan ek namens my hele span net baie dankie sê.



TEGNIJSE DIENSTE & DIE WERKSWINKEL



Frans van Effrink
Afdelingshoof: Vaste bates

Die van Kokanje



Marius Badenhorst
Afdelingshoof: Infrastruktuur

Sonder Tegniese Dienste, die twee afdelingshoofde en die werkswinkel, kan 'n oord van Kokanje se formaat hoegenaamd nie funksioneer nie. Hiervoor is 'n goed toegeruste werkswinkel onder bekwame bestuur ook nodig. Die wyse waarop die enorme klomp werk hanteer word, is bewys genoeg dat Kokanje oor die nodige toerusting én deskundigheid beskik. Hulle verdien elke dag elke inwoner se waardering vir die puik diens wat hulle vier-en-twintig uur per dag lewer. Inwoners vul net 'n vormpie in en hulle probleem word Tegniese Dienste s'n. Hierdie takies is maar kleinighede wat hulle tussen hul eintlike daaglikse verantwoordelike werklading moet inpas. Leonie Postma vertel hoe dit gedoen word.

HOE TEGNIESE DIENSTE FUNKSIONEER

~ Leonie Postma ~



In 'n onderhoud met rdl. Errol de Wet, Voorsitter van die Tegniese Dienste-komitee, het hy die volgende gesê:

"Kokanje se Tegniese Dienste-personeel besef hul medeverantwoordelikheid vir volhoubaarheid alte goed, daarom doen hulle alles in hul vermoë om 'n magdom take suksesvol af te handel, nie net om 'n optimale bewustheid te skep nie, maar ook om 'n blywende goeie verhouding met inwoners te skep en te handhaaf."

Vertroue speel dus ongetwyfeld 'n groot rol tussen die diensverskaffer en die verbruiker. Dit is Tegniese Dienste se strewe om te alle tye te probeer om die inwoners se vertroue te behou deur gehaltesdiens te lewer.

Tegniese Dienste se doel is om die beleid wat deur die Kokanje Raad geformuleer is, in werking te stel en te bepaal of dit in die praktyk werk. As dit nie werk nie, word



'n Gedeelte van die werkswinkel.

aanbevelings by die Kokanje Raad voorgelê oor hoe die betrokke beleidstandpunt verbeter kan word.

Die veiligheid van al die werksmense word hoog aangeslaan en Kokanje se Tegnieiese Dienste voldoen aan al die vereistes van art. 37.2 van die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid. Elke drie maande word 'n beroepsveiligheidsvergadering gehou en selfs kontrakteurs moet aan Kokanje se veiligheidstandaarde voldoen.

TEGNIIESE DIENSTE IN WERKING

Alle herstelwerk wat aangevra word, moet op die amptelike wyse geskied, dit wil sê 'n vorm word ingevul en onderteken. Die herstelwerk word so spoedig moontlik gedoen. Op die vorm kan die inwoner self aandui hoe gou en bevredigend die werk uitgevoer is. 'n Probleemsituasie word deur die betrokke Afdelingshoof ondersoek en opgelos.

Ten opsigte van produktiwiteit word daar daaglik deeglik rekenskap gegee van die take wat elke persoon in diens van Tegnieiese Dienste deur middel van werkkaarte verrig. Heelwat deurlopende projekte word suksesvol afgehandel, maar daar verskyn elke maand ook nuwe sake op die agenda wat dringende aandag vereis!

Voor maandelikse vergaderings word verslae van Tegnieiese Dienste se Afdelingshoofde, Vaste Bates en Infrastruktuur, ingedien by die Voorsitter: Tegnieiese Dienste-komitee.



Johannes wat in beheer is van die voorraadkamer.

WATERVOORSIENING

Skoon drinkwater: Tydens 'n onlangse waterkrisis het pompe by die watersuiweringswerke by Hammanskraal onklaar geraak met die gevolg dat Nylstroom en Kokanje 'n ernstige watertekort ondervind het. Met die Oord se telemetriestelsel is die probleem vasgestel en personeel kon onmiddellik optree.

Tereg is navraag gedoen oor Kokanje se paraatheid om probleme van hierdie aard die hoof te bied. Aandag is aan die opgradering van die waternetwerk asook die verspreiding van die pypnetwerk binne die Oord gegee. Daar is ses boorgate op die Kokanje-terrein – drie boorgate is goed toegerus en water word gereeld uit hierdie gate gepomp om die lewering deur die munisipaliteit aan te vul. Die ses-element-filtreerstelsels wat vroeër in die hoofwatertoevoer-pypleiding geïnstalleer moes word, voorsien skoon drinkwater en werk steeds suksesvol. Die waterdrukprobleme veral in fase 5 geniet steeds aandag.

Alhoewel dit met dankbaarheid is dat die waterprobleem in die Oord grootliks opgelos is, hoofsaaklik as gevolg van uitbreidings en verbeterings aan die bestaande verspreidingsstelsel en die oprigting van 'n bykomende reservoir, bly Tegniese Dienste van Kokanje pro-aktief met die vasstel van bruikbare oplossings vir die toekoms.

Elektrisiteitvoorsiening: 'n Dringende projek van Tegniese Dienste is Kokanje se elektrisiteitvoorsiening – langtermyn strategiese beplanning is nodig om kostes te besnoei. Daar is drie komponente van kragverbruik, nl. vaste koste, interne gebruik en maksimum aanvraag. Die Afdelingshoof: Infrastruktuur gee aandag aan die probleem om kostes te besnoei en onderhandelinge vind plaas met die Modimolle munisipaliteit.

Daar is 'n aanbeveling dat 'n subkomitee aangewys word om die maksimum aanvraag te ondersoek aangesien Eskom se munisipale elektrisiteitsvoorsienings-netwerk ontwerp is om slegs 'n sekere oorskryding van die maksimum kVA te dra. As die maksimum aanvraag oorskry word, word die munisipaliteit met 'n sekere bedrag aangeslaan. Met goeie bestuur en samewerking van die inwoners kan groot besparings bewerkstellig word.

Kragopwekker: Soos baie ander instansies, is Kokanje ook deur die kragonderbrekings van Eskom onkant gevang. Op aanbeveling van die Nooddienskomitee, besluit die Kokanje Raad om 'n groot, sterk kragopwekker te koop, wat binne twee minute na kragonderbrekings outomaties aanskakel om krag aan die KE en die hoofgebou te verskaf, en wat weer binne twee minute nadat die kragtoevoer herstel is, outomaties afskakel.

WONINGS – OPGRADERING / INSTANDHOUDING / HERNUWING

Die opgradering van wonings deur Tegniese Dienste vind gereeld plaas en dit hou 'n groot finansiële implikasie in. Die opgradering van huise in die ouer fases vind deurlopend plaas en vind algemene byval by die inwoners. Huise wat vir herverkoop aangebied word, word in die geheel opgradeer.

Bo en behalwe die gereelde opgradering van wonings word daar voortgegaan met die verf van vensterrame, geute, afleipype, elektriese verdeelkaste asook brandkrane by huise en motorhuise. Dit is veral die vervanging en verbetering van stoepe en die herseël van dakteëls wat verwelkom word. Die koste van instandhouding en verbetering aan wonings beloop dikwels duisende rande en as gevolg van beperkte fondse, arbeiders en kontrakteurs is dit altyd nodig om die begroting voor oë te hou.

PAAIE EN PARKEERAREAS

Teer- en grondpaaie/parkeerareas/bospaadjies/T-aansluiting: Kokanje-Vaalwaterpad:

Tegniese Dienste hou grondpaaie, parkeerareas en bospaadjies deurlopend in stand. Daar word steeds na 'n werkbare metode gesoek om die verwerking en verbrekking van interne paaie te voorkom. Die T-aansluiting van Kokanje se pad by die Vaalwaterpad bly 'n bron van kommer en die hoof van Verkeersdienste is gevra om dringend aandag te gee aan die veiligheidsrisiko daarvan.

ANDER DIENSTE ONDER TOESIG VAN TEGNIESE DIENSTE

Veiligheidsreëlins en sekuriteit, sekerheidsomheining, grensdraad en brandpad:

Kokanje is 'n aftree- en sekuriteitsoord en deurlopende kommunikasie word gevoer met die hoofde van Bateleur Sekuriteitsmaatskappy. Gereelde toetsing en inspeksie van die sekerheidsheining vind plaas en inwoners word gewaarsku dat van die drade stroomdraend is en elektriese skokke tot gevolg sal hê indien daaraan geraak word.

Heiningdrade word ook opgerig waar nodig om inwoners se privaatheid te respekteer ten einde elkeen se rustige en veilige verblyf in 'n bosveldomgewing te verseker.

- ★ **Dienste en instandhouding van sport- en ontspanningsfasiliteite**, bv. swembad
- ★ **Kommunikasie** met Elim skoonmaak-, tuin- en terreindienste.
- ★ **Plaagbeheer** – bv. termiete, verwydering van alge op siersteenmure en steenpaadjies.
- ★ **Fauna en flora** – natuurlike inheemse bome en struik word ten alle koste beskerm.
- ★ **Skoonmaak van huise, die versorging van die terrein en sny van gras** – is uitgekontraakteer. Elim Tuine is al jarelank die kontrakteur wat hierdie afdeling van Kokanje se instandhouding hanteer. Hulle kantoor is net langs die werkswinkel, vanwaar Stella Janse van Rensburg in beheer is van hierdie diens.



Stella voor haar kantoor.

Een van Elim Tuine se tuinwerkers



Een van Elim Tuine se huiswerkers.

KOKANJE SE BESLUITNEMERS

Ons sluit hierdie deel van die suksesverhaal af met die voorsitters van toeka tot nou.



Sarel Kruger
1987-1989


Nico Morkel
1989-1993

Johan Taute
1993-1994

Garbet Havemann
1994-1996



Barnie Barnard
1996-1998 en 2000-2001



Sakkie Mans
1998-2000



Frik Kotzé
2001-2004



Koos Roets
2004-2007



Boet Scheepers
2007-2009



Joe Fourie
2009-

KOKANJE SE ADMINISTRASIE



Links: Wessel van Heerden
Oordbestuurder:

Die beheer en bestuur van die Aftreeoord soos dit in sy geheel bedryf word.

Regs: Antoinette Smit
Persoonlike Assistent
van die Oordbestuurder:
Haar pos behels tikwerk, liasering van dokumente, hantering van korrespondensie, reël van afspraak en *ad hoc*-opdragte.



Myna Potgieter
Rekenmeester:

Dit behels finansiële state, toesig oor die beheer van inkomste en uitgawes, monitering van beleggings van die Oord sowel van pasiënte in die KE.



Rita Deck

Rekenkundige Beampte:
Die pos behels die administrasie van die KBV-kasboek, salarisse en krediteurrekenings.



Suzette van der Merwe
Debiteureklerk:

Die pos behels die ontvang van inwoners se heffings wat nie van Debietorders gebruik maak nie en ander betalings.



Regs: Susan Weber,
Poskantoorbeampte.



Links onder: Rina Putter
Skakelbeampte:
Die pos behels die hantering van alle navrae, huisverkope, aanbouings en verbeterings.



Karin Pienaar
Administratiewe Beampte

DIE HUIDIGE KOKANJE RAAD/DIREKSIE 2010-2011



V.l.n.r: (voor) Yvonne Kotzé; Richard Marais; Joe Fourie (Voorsitter); Piet Clase (Ondervoorsitter); Jani Oliver; en Errol de Wet. Agter (v.l.n.r.): Harriët van Heerden; Antoinette Smit (Sekretaresse); John Dixon; Wessel van Heerden (Oordbestuurder); Jan Boot; Gert Kruger; en Kobie Otto.

KOKANJE, SY MENSE EN HUL AKTIWITEITE

Geen plek op aarde is sleg nie. Dit is die mens wat bepaal hoe dit sal wees. Dit is in 'n mens se aard om in sy selfsug alles na sy sin te verander, maar helaas, dit werk nie so waar 'n groep mense moet saamwoon nie. Die gevolg is dikwels onmin, onverdraagsaamheid en ontevredenheid. Die enigste beproefde manier om harmonie te verseker, of dit nou in eie haard, woonstelblok of aftreeoord is, is 'n stel reëls en regulasies wat streng en gedissiplineerd toegepas moet word. Inwoners is in besit van 'n breedvoerige inligtingsgids met reëls vir hul gerief, maar wat ook deur die administrasie toegepas kan word, waar nodig, in belang van almal se ordelike en gelukkige verblyf in Kokanje. Met enkele uitsonderings streef die inwoners daarna – en slaag ook daarin – om die ere naam van omgeemense elke dag uit te leef.



Fondsinsamelings- veldtogte

HESTER BESTER, 52A

Omdat Kokanje se ontwikkelaars (die VSA) fondse uit die ledegeld van staatsamptenare geleen het om Kokanje te ontwikkel, en nie oor ander inkomstebronne beskik het nie, moes die inwoners van Kokanje self fondse genereer of sonder die nodige fasiliteite tevrede wees. Die heffings moes destyds voorsiening maak vir terugbetaling van die lening aan die leningsfonds en ook vir die instandhouding van die Oord. 'n Belegging wat 'n baie hoë rentekoers aangebied het, is gemaak, maar toe dié maatskappy probleme ondervind, ly Kokanje ongelukkig groot skade.

Die Versorgingseenheid was nog nie 'n realiteit nie en daar is baie hard gespook om dit van die grond af te kry. Baie struikelblokke moes oorkom word en daar was nie fondse nie. As in ag geneem word dat daar in daardie stadium sowat 225 inwoners in Kokanje woonagtig was, kan dit begryp word dat die inkomste maar min was. Daar was net een oop deur vir ons: harde werk. Hande uit die moue steek en self iets doen om die nodige fondse te bekom.

Al die dames hier was outomaties lede van die Vroueklub (tans Damesklub) wat deur Chrissie Opperman (Bestuurder: Voedseldiens) gestig is, met die eerste voorsitter, Ans Theron, aan die stuur. Aanvanklik is 'n snoepie met tuisgebak bedryf vanuit 'n ongebruikte lokaal wat tans die Taphuis is. Die inwoners het self tuisgebak gelewer en dit is weer deur hulleself teruggekoop. Die winste was egter so klein, dat dit nie 'n lonende praktyk was nie.

Daar word toe besluit om 'n basaar te hou. Gedurende die middag bak die dames koekies in die Oord se kombuis en die daaropvolgende middag word dit in die eetsaal (toe nog net een) netjies verpak. Koeksisters en kleinkoekies van alle soorte word gebak. Die dames het die beskuit in hul eie kombuise gebak. Intussen maak die dames en mans handwerkartikels – en die Oord hou sy eerste basaar en die mooi bedrag van 'n raps meer as R16 000 word geïen! Die dames besluit dat daar gaasrame vir die VE (huidige KE) se vensters aangekoop moet word en bankies langs die staproetes opgerig moet word waar die stappers kan asemskep.

ANDER PROJEKTE:

Die klubs van Kokanje en die Taphuis het ook fondse gegenereer en oorbetaal aan die Oordfonds – meer spesifiek vir die VE. Die Kunsvereniging het jaarliks 'n glansaad gehou met skilderyuitstallings. Min skilderye is verkoop, maar 'n toegang van R20 per persoon het die fonds aangevul. Sulke aande was vir Kokanje gala-aande wat selfs deur dorpenaars bygewoon is. Inwoners is ook gevra om donasies of boedelskenkings te maak vir die VE.

'n Paar goeie ontbytgeleenthede in die eetsaal, onder leiding van Eileen Gouws (Voedseldiensbestuurder), het die fonds laat klim vir die aankoop van die raadsaal se meubels, wat deur 'n man in Nylstroom gemaak is.

DIE WIELEFONDS WORD GESTIG

Die eerste bussie raak oud en gee probleme. Daar is nie geld om 'n nuwe bussie aan te koop nie. Kobus Nel (vorige Oordbestuurder) verkry toestemming van die destydse Raad dat daar voortgegaan kan word met die insameling van fondse vir 'n nuwe bussie. Ons hou twee basaars na mekaar: eers een in die Nylstroom-stadsaal en 'n jaar later nog een in die NG-kerksaal (Witkerk). Die basaars is baie goed deur die dorpenaars ondersteun, asook deur inwoners se kinders wat van heinde en ver vir dié doel kom kuier het. Daarbenewens het ons donasies ontvang van besighede wat in die Oord se sakesentrum klerasie, ensovoorts verkoop het. By elke moontlike geleentheid het ons natuurlik eetgoed verkoop – ook vakansiedae en naweke as die kombuis gesluit was.

Die Wielefondskomitee het hoë eise gestel: Die bussie moet dubbelagterwiele hê, elke sitplek moet met veiligheidsgordels toegerus wees en daar moet genoeg voetspasie wees vir die laaang bene. Natuurlik het dié vereistes die bus net altyd buite ons bereik gehou. Toe Burger Pienaar oorneem, het die gogga hom gelukkig ook sommer met die intrapslag gebyt. Hy begin rondskakel vir sakpaspryse, begin planne maak en die destydse Raad willig in om 'n skenking vir die Wielefonds te maak. Die fonds, wat toe op R100 000 gestaan het, kon met die Raad se skenking nog nie by die droombussie se prys kom nie – en boonop verneem die Komitee dat die Raad se bydrae nie 'n skenking was nie, maar 'n lening: Die Wielefondskomitee moet die bedrag terugbetaal!

Wyle Hannes Cloete bied aan om al die geld wat hy deur verkope van aalwyn-plantte inwin, by die kassiere in te betaal ter delging van die skuld by die Raad. Binne 'n paar maande was die skuld betaal. Mnr. Pienaar begroot só vir die ritte met die bussie dat daar 'n surplusbedraggie in die Wielefonds gestort kon word vir die instandhouding van die voertuig en ook om fondse te kan aanvul om in die verre toekoms die bussie te vervang.

Geniet die ritte met hierdie bussie, dit het bloedsweet gekos!

WIELEFONDS KRY SY WIELE ~ 10 OKTOBER 2004



Vir die toetsritte na die teetuin op die dorp is die bussie, gangetjie inkluis, telkens volgepak. Burger Pienaar (heel links) en sy passasiers steur hulle dié dag min aan verkeersregulasies. Daardie jare het die lewenslustige gryskoppe as't ware die vryheid van dorp geniet!

KOKANJE SE EMBLEEM



Simboliek:

- ♦ Die boom simboliseer ons mooi Bosveldnatuur.
- ♦ Die huisie simboliseer die gelukkige tuiste wat ons hier vind.
- ♦ Die goue sirkel wat die embleem omsluit, dui op die veiligheid, vriendskap en samehorigheid wat ons hier geniet.
- ♦ Die oopgedeelte in die sirkel simboliseer die toevoeging van nuwe inwoners.
- ♦ Die naam KOKANJE wat in vet hoofletters verskyn, dra die boodskap uit dat Kokanje 'n rustige en veilige verblyf vir sy inwoners waarborg.

Die leuse "Kokanje vir 'n rustige en veilige verblyf in 'n Bosveldomgewing" is later deur die Kokanje Raad bygevoeg.

INWONERS VERLANG EIE EMBLEEM

Geleidelik het daar 'n sterk behoefte by die inwoners ontstaan om 'n eie embleem te hê. Veral die nie-staatsamptenare voel nie gelukkig met die VSA-embleem nie. Ben Botha, 'n lid van die Kokanje Bestuurskomitee, het in Junie 1995 'n voorstel ingedien dat Kokanje 'n eie embleem behoort te hê wat op amptelike briefhoofde, sporthemde, dasse en ander gebruiksartikels aangebring kan word. Die Kultuurkomitee word gevra om die saak te hanteer en onder leiding van Maryna Becker word 'n kompetisie vir 'n geskikte embleem in 1996 van stapel gestuur. Die reëls lui dat die ontwerp "kenmerkend van Kokanje moet wees, die gees en karakter en eiesoortige kultuur van Kokanje moet tipeer," en iets van die Bosveldomgewing moet vasvang. 'n Paar voorleggings is ontvang en, sonder die name van die ontwerpers daarby, moes inwoners vir die betrokke nommer van elke embleem stem. Luna du Toit, een van ons kunstenaars wat gereeld aan die jaarlikse kunsuitstallings deelneem, se embleem het loshande gewen en word vandag met groot trots oral vertoon.



**Luna du Toit (54F),
ontwerpster van die embleem**

Hierdie pragtige Bosveldtoneel van Willem Nezar, 'n bekende kunstenaar van Nylstroom, wat in die hoofgebou se voorportaal hang, sê vir ons hoe belangrik dit vir die inwoners van hierdie Bosveldomgewing is dat Kokanje nie die atmosfeer en gees van die Bosveld te veel sal versteur nie. Beskerm ons velddiertjies. U sal hulle nêrens in die wêreld in 'n aftreeoord kry nie. Duisende beny ons hierdie besondere voorreg!



Loop & koop

Kokanje se sakesentrum

By hierdie lokale, vlak langs die hoofgebou, koop en kuier inwoners en ontvang hulle diens van die hoogste gehalte.

Die twee salonne verskaf diens aan dames sowel as mans. Inwoners vind baie baat by hierdie dienste – veral die gestremdes in rolstoele. Hulle word deur KE-personeel na die salonne gestoot. Bedlêendes word in die privaatheid van hul kamers versorg.

Modewinkels van oral, selfs vanuit Pretoria, maak ruimskoots gebruik van die verkooplokaal om alle groottes klere, juwele en skoene hier te kom uitstal.

Die goed toegeruste kiosk was die heel eerste gerief vir die inwoners, waarna die ander spoedig volgens behoefte gevolg het.

Dit is onontbeerlike dienste hierdie en dra beslis by tot Kokanje se voortreflikheid wat nie maklik geëwenaar kan word nie.



Die skoonheidsalon



Haarkappersalon



Volmerpas vir jou leefstyl hier

Spesiaal vir inwoners se gerief

KOKANJE-KIOSK

Die netjiese kiosk bied iets van alles aan en is 'n groot hulp vir die bejaarde wat dit moeilik vind om in die dorp te kom en word goed ondersteun deur die inwoners, danksy die vriendelike, hulpvaardige diens van Johanna en haar assistent.



KOKANJE-POSKANTOOR

Kokanje het sy eie volwaardige poskantoor met sy eie pos- en telefoonkodes. Dit is nog 'n geweldige aanwinst vir Kokanje, want baie bejaardes kan nie meer so lank in die dorpsposkantoor se lang toue staan nie. Susan Weber, wat die poskantoor behartig, is 'n personeellid van Kokanje.



KOKANJE SE POSBUSSE



PSG KONSULT OPTIMUM
se kantoor waar Adri Wickens inwoners met hul versekerings, testamente, ensovoorts help.

INWONERS SE VEILIGHEID GENIET PRIORITEIT



Kokanje se eerste ingangshek met die naam in sierlike koperletters teen die muur. Op die koperplaat onder die naam verskyn die VSA se embleem met die woorde:

**AFTREEOORD VAN DIE
VERENIGING VAN
STAATSAMPTENARE
VAN S.A.**

Vandag is nog net die hoë regterkantse muur van die hek oor.

Alhoewel die eerste hek nie as 'n sekuriteitshek in die ware sin van die woord beskou kon word nie, was dit nietemin 'n begin en die beste wat die beskikbare fondse toegelaat het. Daar sou nog baie water met die Nylrivier moes afvloeï voordat 'n beter sekuriteitstruktuur bewerkstellig kon word.

Namate die aanvraag na huise in Kokanje toegeneem het, moes meer grond aangekoop word. Die hek moes dus vorentoe verskuif word. 'n Meer doeltreffende sekuriteitshek, met stewige ysterhekke wat saans op 'n spoor toeskuif, en wat sigbaar is van die hoofpad af, is op die nuwe grens opgerig. Later is die grensdrade met 'n hoë, geëlektrifiseerde heining toegerus. 'n Sekuriteitsgebied van so 'n omvang moes noodwendig aan 'n sekuriteitskontraakteur oorhandig word met dag- en nagwagte wat ook die terrein patroleer. Die firma, Bateleur van Ellisras, lewer al baie jare lank puik en betroubare diens. Die Raad doen alles in sy vermoë om te sorg dat elke inwoner elke nag rustig en veilig kan slaap.



Die nuwe ingang tot Kokanje beskik oor hoogs gesofistikeerde veiligheidsroerusting met kameras en dubbele sperbome. Besondere aandag is aan voetgangerverkeer, d.w.s werkers van Kokanje, Elim Tuine sowel as inwoners se persoonlike huis- en tuinhulpe, gegee. Foto's en vingerafdrukke is van elkeen geneem, wat telkens by die ingang gekontroleer word.

DIE OU EN NUWE NAAMBORDE



Yvonne Kotzé

**WAT DIE NUWE
NAAMBORD
ONTWERP HET**



Die ou hek was ver van die hoofpad af, en glad nie sigbaar nie. Destydse inwoners rig 'n versoek tot die VSA om 'n naambord langs die Vaalwaterpad op te sit. Tot hul verbasing word hulle kort daarna met hierdie naambord verras. Vir die VSA was dit simbolies van die afgetredene se laaste rusplek. Vir die inwoners was dit net 'n mooi sonsondergang – te dolgelukkig in hul nuwe Bosveldtuiste om aan laaste rusplekke te dink!

Die bord het egter nie lank mooi gebly nie. Die kleur én materiaal was nie bestand teen die Bosveldson nie. Dit is toe vervang met 'n eenvoudige, langwerpige bordjie met net die naam "Kokanje" in glimverf daarop.

So sien die mense die huidige naambord wat van Vaalwater se kant af kom. Nadat Kokanje die eiendom van die inwoners geword het, het die Raad die inwoners gevra om 'n naambord met 'n steenstruktuur as basis te ontwerp. Hierdie mooi ontwerp van Yvonne Kotzé is toe aanvaar. Die ontwerp en plasing is goed beplan wat nie aankomende verkeer of inwoners vanaf Kokanje se sig belemmer nie.



Kokanje-biblioteek



Esther Weideman

BIBLIOTEEKBEAMPTE



DIE KOKANJE-BIBLIOTEEK

~ Esther Weideman, Biblioteekbeampte ~

Kokanje se biblioteek het reeds in 1988 sy ontstaan gehad en is vanuit 'n kamer van 'n onverkoopte huis (3C) deur mev. Bennie van Schalkwyk, 'n destydse inwoner, bedryf. Sy het die boeke by die Nylstroom-biblioteek geleen en moes maandeliks aan hulle verslag doen oor hoeveel boeke geles word. Ons het as gevolg van die boeklening feitlik 'n tak van die dorp se biblioteek geword en moet tot vandag toe maandeliks verslag aan hulle doen.

Ons boekery het vinnig groter geword as gevolg van bookskenkings en aankope met fondse wat deur die biblioteekpersoneel by inwoners ingesamel is. Ons het ook donasies van ander klubs in Kokanje ontvang.

Genoegsame ruimte was nog altyd 'n probleem. Die biblioteek moes al drie keer na groter lokale verskuif. Indien dit weer moet gebeur, sal dit hopelik na 'n aparte gebou wees, met 'n leeskamer en voldoende ruimte.

Ons beskik tans oor meer as 7 000 boeke wat aan ons behoort. Vanaf 2009 het ons met die hulp van die Raad oorgeskakel na 'n stelsel van betalende lede en kon ons sodoende 'n volwaardige uitleenbiblioteek word. Drie jaar gelede is oorgegaan tot 'n gerekenariseerde stelsel wat die uitleen en inneem van boeke aansienlik vergemaklik het.

Oor die jare heen het 'n hele aantal bekwame persone na vore getree om die leiding in die biblioteek te neem en vandag het ons die mooi getal van sestion vrywillige helpers. Ons beskik selfs oor die dienste van 'n kundige vrywilliger wat beskadigde boeke restoureer, asook 'n rekenaarkundige wat ons met raad en daad bystaan.

Persone wat oor die jare groot bydraes gelewer het is, naas mev. Bennie van Schalkwyk, Elsie Terblanche, Jakkie van Aardt, Boet en Grappie Hough en Elsie Nel, om net 'n paar te noem.

Die Biblioteekkomitee word ook nou bestuur deur 'n subkomitee van die Raad onder die voorsitterskap van raadslid Kobie Otto. Hierdie ontwikkeling is van groot belang omdat direkte toegang tot die administrasie en die Raad sake net soveel makliker laat vlot.

Die biblioteek is op Maandae en Donderdae oop. Op die oomblik is daar voldoende vrywillige helpers om die huidige volumes te hanteer.



altyd **in** die kol



Kollig "Uit Kokanje vir Kokanje deur Kokanje"

As mense so in afsondering saamwoon, soos die eerste inwoners, wil hulle graag in mekaar se wel en wee deel. Eddie Dunckley het eerste hierdie behoefte aangespreek. As lid van die eerste vierman-skakelkomitee bespreek hy die moontlikheid van 'n nuusbrieff met die VSA-hoofkantoor. Toestemming is gegee dat Eddie met 'n omsendbrieff kon begin, maar dit mag net nuusbrokkies oor die inwoners bevat. Hoofkantoor bied goedgeunstiglik aan om die nuusbrieff maandeliks af te rol, vas te kram en dan weer aan hom terug te besorg. Groot was Eddie en die handjievol inwoners se opgewondenheid toe hy sy eerste "Nuusbrieff" in 1987 kon uitdeel – al was die nuusbrokkies vir die meeste ou nuus, want as iemand 'n slang op sy stoep gekry het, het almal dit onmiddellik geweet! Nogtans was dit tog lekker om die kort brokkies van gelukwensings met verjaardae en geboortes van kleinkinders, verwelkomings van nuwe intrekkers, en aankondigings van sterftes, gesamentlike etes en uitstappies te lees.

Nadat die dienssentrum voltooi en beman is, moes Eddie volle verantwoordelikheid vir die nuusblad op hom neem, op voorwaarde dat die Oordbestuurder elke uitgawe goedkeur. Vroeg in 1989 sien Eddie, weens ander verpligtinge, nie meer kans om met die nuusbrieff voort te gaan nie. Maryna Becker het dit by hom oorgeneem en dieselfde patroon as Eddie gevolg. Bykans twee jaar later het die huidige redakteur, wat toe al haar eerste rekenaar gehad het, die blad oorgeneem wat sy nog steeds behartig. Die Nuusbrieff se naam is na "Kokanje Bulletin" verander, wat weer 'n keer in

2000 na "Kollig" verander is. Aanvanklik was min hulp beskikbaar, maar mettertyd het 'n span vrywilligers bygekom wat bereid was om elke maand die bladsye uit te pak en vas te kram. Waar alles vir etlike jare op die redakteur se skouers gerus het, bestaan die Komitee tans uit elf redaksielede waarvan die voorsitter altyd 'n raadslid moet wees aangesien die Kommunikasiekomitee 'n komitee van die Raad is.

Die redaksie se uitgangspunt was nog altyd dat die inhoud van die blad "uit Kokanje, vir Kokanje, deur Kokanje" moet wees. Behalwe bydraes van lesers, het ons ook 'n paar rubrieke en fokusartikels wat meer opvoedkundig van aard is. Die redaksie het deur die jare baie gewissel, en so het nuwe bloed altyd bygekom. Elke nuwe span se doelwit was om 'n redelike gebalanseerde verskeidenheid aan te bied. Geen maklike taak nie, want soveel mense, soveel smake.

So saam met die snel ontwikkeling van Kokanje, kon *Kollig* ook sy vlerke begin spreid. Daar is met "Print-it"-drukkery van Warmbad onderhandel om die blad vir ons te druk. Die Kommunikasiekomitee het geen fondse tot hul beskikking gehad nie en om die drukkoste te kon dek, is besluit om besighede in die dorp vir advertensies te nader. Vir die redakteur word dit egter byna 'n taak bo haar vermoë – daar word van haar verwag om self die advertensies te ontwerp! Uiteindelik word dit toe 'n nuwe skeppingservaring.

Namate die fondse drupsgewys gegroei het, is oorgeskakel na 'n kleurvoorblad, maar die geld het net een kleur toegelaat! Eers in die loop van 2000 kon ons na 'n volkleurvoorblad oorskakel.

Vandag verneem ons met trots dat ons blad oor feitlik die hele land en selfs oorsee deur inwoners se kinders en vriende gelees word.

Dit is vir die Kommunikasiekomitee 'n voorreg om die blad vir u te versorg en, ten spyte van ouderdomsgebreke, probeer elkeen om net die beste vir Kokanje te gee.

DIE DRIE REDAKTEURS VAN KOKANJE SE MAANDBLAD



**Eddie Dunckley
(1987 – 1989)**



Maryna Becker (1989 – 1991)



Ans Theron (1991 –)



Die Taphuis



Die argitek van die Oord, Louis Boshoff, het voorsien dat 'n kroegie naby die eetsaal in die manne se smaak sou val. Die ringkoppe kon self op 'n naam besluit, en dié kuierplek word spontaan "Die Oog" gedoop. Maar, o wee, Die plek naby die eetsaal was reg, maar nie die dienluik in die eetsaal se muur nie. Die gemalery en geselsery al om die eters, was nóg vir die manne nóg vir die eters gesellig! "Die Oog" verskuif toe na 'n ongebruikte lokaal net aan die oorkant van die gang – nog steeds vlak langs die eetsaal. Dit was aanvanklik te klein om gesellig te wees, maar ten minste hoef hulle nie meer teen 'n eter se rug te stamp in die druk verkeer voor 'n luik nie. Die naam is mettertyd verander na die meer gepaste naam "Die Taphuis" en Roelie van Wyk, die "bestuurder", se gewillige helpers (aanvanklik glo die snoekerklublede) kry die ere naam van taphere.

Die Taphuis koop hulle voorraad teen groothandelprys aan, sodat daar darem 'n skrale winsie is om aan die KE oor te betaal. Soos alle ander klubs, funksioneer die Taphuis ook uitsluitlik met vrywilligers. 'n Dame-inwoner het 'n waaier geskenk wat die lug kan afkoel as dit te warm in die klein vertrekke raak. Die stoorkamer het lugversorging gekry, sodat die wyn nie oorverhit raak nie.

Later neem Roelf van der Walt die stuur oor en met die nodige ondersteuning van die inwoners kon die Taphuis vergroot en meer damesvriendelik gemaak word, met ruimte vir stoele sodat almal nie hoef te stoei vir 'n plekkie teen die toonbank nie.

Die KE is groot dank verskuldig aan die Taphuis se jaarlikse bydrae. Met die prysstygings in mediese apparaat is dié bydrae 'n groot hulp. Die inwoners waardeer die Taphuis weer op 'n ander manier. By die meeste sosiale geleenthede is die taphere beskikbaar om gedurende pouses net vrugtesap of 'n wyntjie te verkoop. Die administrasiegebou het natuurlik 'n lisensie, maar nogtans is die Taphuis streng net gedurende etenstye oop en is oor naweke en op vakansiedae gesluit. Die Voorsitter sorg dus dat die Taphuis sy status behou waarvoor dit bedoel is: 'n gesellige plek van samekoms.

Kokanje -lied

~ Liriek: Yvonne de Wet ~
(Op die wysie van *Muss i denn*)

Kokanje is die naam van ons luilekkerland,
Luilekkerland aan die voet van die Waterberg.

Ons gee om vir mekaar en dis rustig hier,
Rustig hier, in die Bosveldse mooi natuur.

Dis die mooiste oord in Suid-Afrika

Ons is almal trots op ons oord.

Dis ons tuiste, dis ons trots, hierdie luilekkerland,
Luilekkerland, waar ons vriendskapsbande smee!

Most of us may be grey, yet we're still young at heart,

Still young at heart, with that sparkle in our eyes.

Our mem'ry may be short, only luck'ly we know,

Should we ever land in the frailty ward,

We are sure of loving care.

Our mind is at peace in this sweet Lotus Land,

Sweet Lotus Land,

"Bless Kokanje!" that's our prayer.



Yvonne de Wet was 'n bekende koorafgister voor haar aftrede en hier in Kokanje loop sy onverwags 'n hele paar van haar ou koorlede raak. Hulle pleit by haar om weer 'n koor op die been te bring. Eers weier sy botweg want sy weet sy sal nou met "oumensstemme" te doen hê en sy is nie bereid om haar reputasie op die spel te plaas nie. Eindelik swig sy tog later voor die dringende versoeke en stig hier in Kokanje 'n koor. Die handjievollente oesiasie groei toe spoedig tot 'n groot koor van 62 lede.

Op versoek van die koorlede, wat toe alreeds etlike opwindende optredes agter die rug het, danksy Yvonne se professionele afrigting, skryf sy vir Kokanje 'n lied en kies die bekende, vrolike, "Muss i denn"-melodie daarvoor. Met dié vrolike lied voer hulle die gehoor by elke geleentheid so mee, dat hulle staande aandring op 'n herhaling, sodat hulle kan saamsing. Later skryf Sieg Engelbrecht 'n tweede versie vir die lied in Engels, sodat die Engelssprekende inwoners die lied met net soveel oorgawe kan saamsing. Ongelukkig het die sing van die Kokanje-lied aan die einde van konserte in onbruik geraak.



KOKANJE-LIED IN WEEGSKAAL

~ Sieg Engelbrecht ~

Namate Kokanje gegroei en meer talent bygekom het, was van die nuwer inwoners van mening dat daar gans te vroeg op 'n lied vir Kokanje besluit is; die keuse is nie verteenwoordigend van al die inwoners nie. Onder leiding van André Deacon besluit die Kultuurkomitee om weer 'n kompetisie vir 'n Kokanje-lied uit te skryf. Die lied moes, nes die embleem, die "aard, karakter en *esprit de corps* van Kokanje" weerspieël.

Alhoewel daar agt baie verdienstelike liedere ontvang is, is die oorspronklike lied van Yvonne de Wet in 'n referendum onder inwoners, gehou op 13 September 2002, uiteindelik as die amptelike lied aangewys. Net soos die embleem slaag die lied ook daarin om iets van ons sorgvrye en veilige verblyf tussen vriende in 'n Bosveldatmosfeer weer te gee.

Ter afsluiting kan nog daarop gewys word dat al die bostaande treffend ooreenstem met die visie wat die Raad na hul intensiewe strategiese beplanning in 2003 vir die Oord geformuleer het, en wat nou ook op ons briefhoofde en amptelike stukke verskyn, naamlik: "Kokanje Aftreecoord vir 'n bekostigbare, rustige en veilige verblyf in 'n Boveldomgewing."

Die Kokanje-koor wat deur Yvonne de Wet op die been gebring is, het ver buite die grense van Kokanje bekend geraak. Die koorlede het 'n ongeskrewe reël gehad dat daar nie buite Kokanje opgetree gaan word nie. Daar is net drie uitsonderings gemaak: Die Oordbestuurder, Reinier Opperman, se dogter se troue in die Hervormde Kerk, iets wat hulle beswaarlik kon weier; een keer op versoek van ds. Breedts in die NG-Kerk (Witkerk); en die laaste keer op versoek van Waterberg Afrikaanse Kunsfees om vir die kunswedstryd in te skryf, waar hulle toe die eerste prys (goud 90%) wen! Wat hierdie prestasie uniek maak, is dat die koor in die ope klas moes meeding, omdat daar nie 'n ander senior koor ingeskryf het nie. Hierna is hulle oorval met versoeke, maar die koor het by hul besluit gebly en dit ferm van die hand gewys. Hulle het vir hul eie genot gesing.

Koordrag: Die rompe van die dames moes presies eners lyk en ewe lank wees, dus moes hulle dit self volgens dieselfde patroon maak. Die VSA was net so trots op die koor en het vir die mans elkeen 'n wynrooidas geskenk met die VSA-embleem daarop.

Kokanje-koor



Yvonne de Wet

Die beoordelaar se kommentaar agter op sertifikaat:

"Fyn soos 'n vlinder 'n Mooi keuse! Goeie toonproduksie. Netjiese invalle en duidelike uitspraak van woorde. Frases netjies afgerond met gepaste dinamiese beheer. U het getoon dat sang vir u 'n vreugde is. Doen so voort."

Inwoners se kuierplekke

Ontspanning en gereelde oefening is uiters belangrik vir 'n senior burger se algemene welsyn. Baie klem word gelê op die feit dat senior burgers besig gehou moet word. Hierin slaag Kokanje uitmuntend as 'n mens na die groot verskeidenheid aktiwiteite kyk. Dit is natuurlik grootliks toe te skryf aan die feit dat nóg die VSA nóg die Kokanje Raad in dié verband voorskriftelik was of wil wees. Trouens, die groot sportsaal wat gebou is vir binnenshuise sport, is bewys van die Raad se erns met hierdie stelling. Elke klub bestuur en voorsien vanselfsprekend in sy eie behoeftes. Inwoners se heffing word dus nie hierdeur geraak nie. Die Damesklub het die lapa volledig toegerus vir informele onthale en word teen 'n minimale koste aan inwoners verhuur.

Die kleinkinders wat kom kuier geniet veral die swembad baie. Hulle mag natuurlik die swembad slegs onder toesig gebruik.

Die agt skatlike Kameroense dwergbokkies is vir oud en jonk 'n trekpleister. Die bokkies geniet die fotosessies natuurlik net so! Al Kokanje se diertjies (wat vir party mense so 'n oorlas is) verskaf die kleinkinders oneindige plesier. Wat 'n wonderlike voorreg geniet ons stadskleinkinders tog nie hier in Kokanje nie! (Lees meer oor dié voorreg in Warwick Tarboton se artikel).



Die ruim lapa met braaiplekke en kombuis in agtergrond.



Die swembad.



Daar is met twee bokkies begin en nou is daar al agt!

ONTSPANNINGSAKTIVITEITE

W eens die groot omvang van ontspanningsaktiwiteite, kan ons nie oor al die klubs breedvoerig uitwei nie, maar nogtans is almal vir Kokanje ewe belangrik. Kokanje se bykans dertig klubs is gestig omdat mense verskillende belangstellings het, en terselfdertyd bewys hulle die stelling dat sosiale verkeer vir die senior burger uiters belangrik is om sy gesonde perspektief op die lewe te behou. Miskien pas dit tog om te noem dat die Stapklub en Gimtrimklub die twee oudste klubs is. Die Stapklub het al sy informele ontstaan in 1987 onder die eerste inwoners gekry en nadat die hoofgebou in 1988 voltooi is, is met gimtrimklasse begin.





MARYNA BECKER

Stigterslid van die rolbalklub

Hierdie beknopte verslag oor die ontstaan van die Rolbalkklub is om lesers 'n idee te gee van die moed en deursettingsvermoë van Kokanje se inwoners. Dit is sulke sterk karaktertrekke van mense wat Kokanje maak wat dit vandag is – 'n aftreeoord om op trots te wees. Maryna vertel ons van hulle stryd om hulle doel te bereik



DIE ROLBALKLUB SE BEGIN

~ Maryna Becker ~

Die storie van Kokanje se rolbalkklub begin vroeg in 1989 toe die VSA 'n biljet uitgegee het om Kokanje bekend te stel en afgetredenes aan te moedig om in Kokanje te kom woon. In die biljet is dit in die voortuitsig gestel dat 'n rolbalperk gebou word.

Die Oordbestuurder, mnr. Klaasen, het vir Piet Becker (wat gemoeid was met die bou van twee rolbalperke op Potgietersrus) gevra om 'n plan vir 'n rolbalperk en die kosteberaming voor te lê. Die Hoofbestuur van die VSA het dit goedgekeur. Die terrein suid van die lapa is uitgemeet met die bedoeling dat die lapa ook as klubhuis sou dien.

Die Nylstroom Dorpsraad het 'n trekker en skrapper vir die doel beskikbaar gestel en daar is begin met die voorbereiding van die terrein. Die bogrond is eenkant toe gestoot om later vir die grasoppervlak te gebruik. Die klipperige grond is in 'n ander rigting gestoot om die terrein mee gelyk te maak.

'n Dringende inwonersvergadering is belê, waar sterk beswaar gemaak is teen die bou van die rolbalperk omdat dit te veel sou kos en die instandhouding onbekostigbaar

sou wees. Die twee rolbalklubs in die dorp is ook in die argumente as alternatief gebruik vir die inwoners wat wou rolbal speel. Dit was duidelik dat van die inwoners bang was dat dié fasiliteit die heffing sou raak en enige argument is ingespan om te verhoed dat die rolbalperk gebou word. Dit is toe summier afgestem, die Dorpsraad se implemente is teruggestuur en alles het tot stilstand gekom.

'n Groepie rolbalspelers was egter nie tevrede nie, veral omdat hulle by die ooreenstemming tussen verskeie aftreke dié een gekies het wat 'n rolbalperk sou insluit. 'n Klein komitee, met Paul Meyer as Voorsitter, het begin om fondse in te samel. Rolbalbane in die dorp is gehuur en ander dorpe se spelers is genooi om aan kompetisies deel te neem. Verskeie artikels is uitgeloot, potjiekos-etes is gehou, koeksisters en pannekoek is gebak en verkoop, en so het die geldjies stadig maar seker meer geword.

Maar dit het nog nie die VSA beïndruk nie. Dit was eers toe Jan Mulder Voorsitter van die komitee geword het dat hy besef het die groep is te klein om met krag te onderhandel en daar ernstig begin is om lede te werf. Met die nuwe lys name van belangstellendes is Jan Mulder, die nuwe Oordbestuurder, Kobus Nel, en eksel na Pretoria waar ons met die Hoofbestuur vergader het. Die lywige lys name het die besluitnemers oortuig dat die rolbalperk 'n groot aantal inwoners se erns is.

Daar is na 'n geskikte terrein gesoek en na die vierde probeerslag is die terrein naby Rus-'n-Bietjie goedgekeur en uitgemeet. Tenders is gevra vir die skoonmaak van die terrein en vir die grondverskuiwings. Aangesien die grootte van die perk vir die tender irrelevant was, is besluit om die grootste perk moontlik (volgens rolbalreëls) te bou, waar 56 spelers met gemak gelyktydig kon speel.

Die geld wat die VSA vir die perk bewillig het, was teen daardie tyd nie naastenby genoeg nie. Abraham Saayman het die voorsitterskap oorgeneem en met die gedugte span agter hom het Piet Becker die walle, slote en speeloppervlak in orde gebring. 'n Oupadskraperlem is by die Provinsiale Paaiedepartement gekry en die oppervlak is met mannekrag gelyk gemaak, terwyl die ander lede emmers grond moes aandra. Potgietersrus se klub het die gras geskenk en die lede het op eie koste die gras aangery en geplant. 'n Paar mans het die troffel opgeneem en 'n klubhuis gebou.

Dit het drie jaar se volgehoue versorging geneem voordat die grond goed gekompakteer was, die gras 'n mat gevorm het en die eerste balle gerol kon word. Van toe af het die klub van krag tot krag gegaan, tot dit vandag die trots van Kokanje en die sterkste rolbalklub in die kontrei is.




Perk kry sy eerste bolaag in 1998



Tweede bolaag volg in 2003

KOKANJE SE SPRINGBOKKE



1. Martiens Louw het in 1971 een van Suid-Afrika se Rugby-Springbokke geword.
2. In 1946 het die Jukskeibonde uit al die streke van die land op Pionierspark in Johannesburg saamgetrek en vyf spelers is as Springbokke vereer: die twee broers, Karl en Peet Struwig (agter op foto) en Paul Meyer (regs voor) het later inwoners van Kokanje geword. Die foto is op die ou bane langs die lapa geneem tydens 'n vriendskaplike wedstryd teen die Springbokke van ouds. Soon van Wyk, die vierde Springbok, het spesiaal van Marble Hall af gekom om te kom saamspeel. En toe verloor hulle!
3. Basie Nel word in 1983 Springbok-stoeiafrigter.
4. Nakkie Roesch is 'n gestremde rolbalspeler van die Nylstroom Rolbalklub. In 2005 wen sy twee goue medaljes (dames enkels en dames pare) in die Suid-Afrikaanse Meesterstoernooi vir liggaamlik gestremde rolbalspelers. In 2007 verteenwoordig sy Suid-Afrika by die Statebondspele wat in Australië gehou is en wen weer twee goue medaljes. Voorwaar 'n waardige draer van die groen en goud!
5. Helena Grobler verwerf in 1958 haar Springbokkleure in korfbal en in 1959 in atletiek in die veldnommers gewigstoot, diskusgooi en spiesgooi.



Die Kultuurkomitee en Damesklub bied deur die jaar programme van hoë gehalte aan: van *Country*-sang en ligte klassieke tot klassieke musiek- en sangaande wanneer kunstenaars selfs uit Pretoria, Johannesburg en die omliggende omgewing hier optree. Dit word afgewissel deur goeie DVD-vertonings en kunsuitstallings. Hierdie konserte word gewoonlik met sjerrie, wat feestelik aangebied word, voorafgegaan. Huiskonserte word een maal per jaar, soms tweejaarliks, aangebied waarin inwoners self optree. Brilljante konserte is al so op die planke gebring. Alle dekor en meublement wat by die opvoerings pas, word uit huise en plaasskure gesnuffel of self vervaardig, en kostuums word self gemaak. U kan uit die foto's aflei hoe skitterend hulle hierin slaag.



1.



2.

VOORTREFLIKE HUISKONSERTE

1. "Supersterre" van TV-faam word nageboots.
2. "Liefde van die wieg tot die wiegstoel", 'n voordrag- en sangaand.
3. Supersterre se "Golden Oldies" kap dit uit.
4. "The king and I", 'n item uit die aanbieding *Alles behalwe Bach*.



3.



4.



5.

5. Alfred Doolittle (met groot blom) "Take me to the Church" uit "My Fair Lady" op pad na die troue.

6. Maar eers gaan maak hy 'n draai by sy geliefde kuierplek, "The Pub" en sing "Girls, dance with me."



6.



1.



2.

Die Ascot-toneel uit "My Fair Lady."



3.

Die "fair lady" as Blommeverkoopster



4.

Poor flowergirl



5.



6.

1. Maurice Chevalier se "Thank Heaven for little girls" word perfek vertolk . 2, 3 en 4: Tonele uit "My Fair Lady". 5. Die Kaapse klopse in "Op die parade". 6. Vrughteverkoper in "Op die parade". 7. Die Briel Susters met "Een aand op die trein (snik) na Pretoria."



7.



8.

Die gewilde Vivendi-damessanggroep van Pretoria.



9.

Een van die talle suksesvolle skilderyuitstallings van die Kunsklub wat jaarliks met 'n kaas-en-wyn aangebied word. Hulle is bevoorreg om die bekende kunstenaar, Willem Nezar, as mentor te hê.



1. Aandtoneel. Lede van die Kunsvereniging het hierdie asemrowende dekor vir die opvoering van "Fiddler on the roof" geskilder. Ook die kostuums was outentiek en is self gemaak. Let op: dit lyk of die akteur werklik straat op loop met sy kar.

2. Die pa (regs) is nie bietjie trots op sy dogter se komende troue nie. Hy en sy vriend geniet sommer by voorbaat 'n skelm knertsie daarop.

3. Die hele dorp is in rep en roer oor die troue. Grootskaalse voorbereiding is in volle swang. Dit stryk en bak en maak klere van vroeg tot laat.

'n Welverdiende staande ovasie is minute lank vir hierdie voortreflike opvoering gegee.





Jani Oliver

Organiseerder van die karnaval
vir die afgelope 17 jaar





Elke jaar maak die gholfkargarde gereed om op safari te gaan – en hoop hul wen iets vir die pad!



"Ai, ou maat, waar's ons dae!"
"Ag-jaa ..."



Flink kom hulle deur die bos aangestap om te deel in die pret.



Boeta, hier moet jy jou rol ken om die wit bal te raak, dis nie 'n gelyk rolbalbaan dié nie.



"Kyk hier, ek het net die regte mooi dingetjie vir haar."



"Sjoe, nou's nie net my arm af nie, maar al twee my voete ook! Kom ons gaan soek 'n sitplek."



Kokanje se werksman wat die aanry en opruim moet doen.

Ander feesgeleenthede

Kokanje se eerste 100-jarige!

16 DESEMBER 2008

Regs: Cilie Nel saam met haar dogter, Mei Coetzee, wat ook 'n inwoner is. Toe gevra is waaraan sy haar hoë ouderdom toeskryf, het die antwoord sonder aarseling gekom. "Harde werk. Ek was te besig om oud te word!"

Cilie was kraamsuster, boervrou en nog steeds kraamsuster tot haar aftrede op 65 jaar.

Foto regs onder: Cilie en haar nageslag.

✠ **Cilie Nel sterf agt dae later op 24 Desember 2008.**



Foto links onder: 2010 se tee vir 85-plus-inwoners wat jaarliks deur die Raad aangebied word. Kokanje se *Line Dance*-klub en drie dogtertjies het met dans, voordrag en sang by dié geleentheid opgetree. Op die verhoog lewer drie van die dansgroep 'n item.

Foto regs onder: Die Nylstroom-mannekoor sing vir die gaste tydens 'n liefdestee vir gestremdes en mense wat nie meer kans sien om die funksies wat vir inwoners gereël word, by te woon nie. Dit word jaarlikse deur die Damesklub gereël.





Kersfees in Kokanje



Die jaarlikse Kersetes word nie deur die Oord aangebied nie, maar deur die Damesklub. Die dames doen moeite om dit feestelik aan te bied. Chris Schulenburg berei die vleisdisse voor en die klub se dames sorg vir die res van die spyskaart. Matriekdogters en -seuns word genooi om teen vergoeding as kelners op te tree. 'n Kort Kersprogram word vooraf gereël, waarna een van die inwonende predikante 'n tafelgebed doen. (Foto links bo): Sjerrie word gewoonlik vooraf in die voorportaal bedien. (Foto regs bo): Fraai liggies bedek met wasige tulle in die vorm van 'n Kersboom, dui die pad vir die gaste na die eetzaal aan. Die versierings is elke jaar 'n verrassing.



Drie Kersvaders met hulle drie engeltjies, elkeen met 'n mandjie lekkers om vir die oupas en oumas uit te deel.



DIE OMGEEMENSE VAN KOKANJE

Daar kan ook nie nagelaat word nie om iets oor 'n paar ander inwoners te sê wat stil en uit die oog reusewerk gedoen het, en nog steeds doen, om van Kokanje 'n beter, mooier blyplek vir sy inwoners te maak nie.

- ★ Jakkie van Aardt en Frikkie Robinson (al twee lede van die Dendrologiese Vereniging) het oor die hele terrein bospaadjies vir die wandelaars uitgemark, en nadat die paadjies deur werkers skoongekap is, het hulle 73 endemiese bome geïdentifiseer en gemerk. Die Stapklub het R1 000 vir die naamplaatjies geskenk.
- ★ Dr. Koos Crous beywer hom nog steeds sterk vir natuurbewaring en het op eie inisiatief begin om alle uitheemse indringerplante en bome uit ons bosgedeeltes te verwyder. Sy passie was sekerlik die aanloop tot die stigting van die Natuurbewaringskomitee.
- ★ Enkele inwoners soos Andrien van Niekerk, Dolly Kemp, en nou Austia de Beer, het die verantwoordelikheid op hulle skouers geneem om die tuine in die binnehowe van die verskillende afdelings van die KE te versorg, sodat pasiënte hulle ook in 'n stukkie van die mooi natuur kan verlustig. Issie Jonker het na die tuine om die hoofgebou en die lapa omgesien, en tans onderneem Henriëtte du Plessis die verfraaiing van die lapa met plante.
- ★ Yvonne Kotzé het 'n boomplantprojek, "skenk 'n boom vir die nageslag", begin. Inwoners kan vrywillig R50 of meer vir 'n inheemse boom skenk. Elke boom word gemerk met 'n plaatjie waarop die boom se naam asook die skenker se naam verskyn. Wat 'n wonderlike nalatenskap vir die volgende geslag betonoerwoud-bewoners.
- ★ John Farrell het op sy beurt die Raad oorreed om 'n stukkie van die bos wat vir besoekers sigbaar sal wees, vir 'n wildkampie af te staan. 'n Gedeelte net buite die ingangshek, wat aan Koro Creek grens, word daarvoor afgekamp. Toe die inwoners weer sien, wei daar twee volstruise, later drie, in die kampie. Ongelukkig was hulle 'n bietjie nukkerig en moedswillig en moes terug plaas toe geneem word. Dalk was die verkeer so digby vir hulle net te veel. Die kamp staan 'n ruk leeg, maar nie lank nie of twee fraai Kameroense dwergbokkies maak hul verskyning in die kamp. Nou is hulle al agt! Hulle lyk goed aangepas en geniet duidelik al die aandag wat hulle kry.
- ★ As bystand vir die beraders, is hier 'n ABBA-steungroep gestig, wat elke maand 'n deskundige kry om die een of ander probleem waarmee bejaardes te kampe het, te bespreek. As mense voorbereid is op die traumas wat op hul pad kan kom, kan dit voorkom dat hulle depressief raak wat die situasie net vererger. Hierdie praatjies word gewoonlik goed bygewoon, want niemand weet wat verder op die pad voorlê nie. Die eerste omgeemense wat hiermee begin het, was Kittie Pretorius, Garbet Havemann en Jinnie Botha en later het Willie Weideman bygekom. Tans is prof. Hans van der Merwe aan die stuur daarvan. Kokanje is groot dank aan die ABBA-steungroep verskuldig. Die AB staan vir Alzheimer se siekte en Beroerte en BA vir Behoeftes van Almal. ABBA beteken ons dra mekaar (abba).



★ Frans van Effrink beywer hom ook vir die welsyn van Kokanje se span werkers. Hy help hulle om hul eie sokkerklub, Kokanje Bafana, te stig. Hulle is glo puik en die hele omgewing se kampioene! So sorg Frans dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves. Kokanje sê geluk aan hulle. Hou so aan!



Die Kokanje-Bafanaspan Heel agter staan Frans van Effrink en Marius Badenhorst (sien pyltjies).

★ Alice van Zyl het 'n reuse taak onderneem om vir elke boek in Kokanje se biblioteek 'n boekmerk te maak. Met die hulp van inwoners wat sorg vir kaartjies met mooi prentjies daarop, het sy al 800 gemaak teen 'n aardige som van oor die R4 000 uit haar eie sak. Maar dis 'n liefdestaak waartoe sy haar verbind het om daarmee haar deel vir Kokanje en sy mense te doen.

★ Inwoners doen moeite om die lappie grond om hul wooneenheid met 'n mooi tuintjie te versier, omdat hulle omgee vir hul Oord en die bure wat dit met hulle moet deel. In 2005 het die Nylstroom Tuinbouklub 'n kompetisie gereël vir dorps-, plaas- en kleiner tuine. Die tuin van Beulah Meyer (41A) (sien foto's) was die wenner van die kleiner tuine, maar sy het ook die hoogste punte van al die deelnemers behaal en daarmee ook die wisseltrofee gewen. Die tydskrif "Tuin Paleis" het in hul Augustus 2008-uitgawe haar kleurvolle azaliatuin (foto regs) in hul artikel, "Ons land se toptuine", gebruik.



Beulah se "groentuin"



Nog 'n fokuspunt

Kokanje het ook sy krisis en tragedies gehad

Geen groeiproses vind plaas sonder foute nie. Dis logies en normaal. Dis nie suksesse nie, maar krisis wat 'n mens se karakter vorm. 'n Krisis ontstaan nie altyd as gevolg van moedswilligheid, of agtelosigheid nie. Maar in alle gevalle hang die uitslag af van die manier waarop die mens op die krisis reageer. Daar is mense wat meen ons moet net konsentreer op die mooi en positiewe dinge. Maar dit is nie die bedoeling om met hierdie Gedenkblad 'n vals beeld voor te hou nie. Ten einde 'n volledige beeld te kry van die rol wat die inwoners in die ontwikkeling van Kokanje gespeel het, en wat die ware gees van Kokanje tipeer, is dit nodig om ook die minder aangename te noem – dit is immers deel van ons geskiedenis.

- Kokanje gaan vroeg in sy vormingsjare deur finansiële krisis as gevolg van (die nou al bekende woord) korrupsie. Die VSA hanteer egter die gevalle sonder dat dit Kokanje-inwoners direk raak, maar die skok het tog hard getref. Tog was die onmiddellike reaksie van die inwoners, met enkele uitsonderings, om die Here volkome te vertrou. Net Hy ken die pad vorentoe.
- In 1996 sterf 'n man wat alleen gewoon toe hy voor die televisie aan die slaap geraak het met 'n kombers oor sy bene en 'n verwarmmer voor sy voete – dit vertel die hele storie. Die huis het nie afgebrand nie, maar erge roet en rookskade is aangerig.
- Nog 'n tragedie tref Kokanje in 1998 toe 'n verwoestende veldbrand, aangedryf deur 'n sterk wind, soos 'n gloeiende muur op Kokanje toegesak het. 'n Groot deel van ons pragtige bos aan die westelike grens is in so 'n mate vernietig, dat die veld nou nog nie volkome herstel het nie. Die skelette van pragtige groot bome herinner die inwoners van daardie tyd nog aan die nagmerrie. Welwetende dat Nylstroom nie eers oor 'n brandweerwa beskik nie, kon hulle net magteloos en biddend op 'n afstand toekyk hoe van die woonwa-afdakke daar naby se skadunet begin smelt. Gelukkig het die wind gedraai en die vlamme, toe al amper teenaan Blinkblaarstraat se huise, rivier se kant toe gejaag. 'n Wonderbaarlike ingryping van die Here, want die mens was magteloos.
- In dieselfde jaar, 1998, sluip 'n kwaai virus Kokanje binne met ernstige diarree tot gevolg en drie mense sterf binne twee dae. Kokanje word veertien dae onder kwarantyn geplaas, sonder enige verdere lewensverlies.
- In 2000 raak nog 'n huis aan die brand maar gelukkig het dit op 'n Sondagmiddag ontstaan en kon betyds geblus word. Geringe brandskade is aangerig, maar wel baie rook- en roetskade aan die hele huis.
- Die swartste nag van alle tye tref Kokanje in 2001 toe 'n egpaar een nag deur vlamme in hul brandende huis oorval is. Niemand kon hulle uit die vlammehel red nie en die huis is totaal vernietig.
- Onlangs (Augustus 2010) het inwoners een aand vergeet is om 'n stoofplaat, met 'n pot olie daarop, af te skakel. Die vlamme kon gelukkig gou geblus word. So iets

skok 'n hele gemeenskap nogtans tot nadenke en uiterste versigtigheid. Inwoners word gedurig gewaarsku teen die gevaar van verwarmers en om baie seker te maak al hul elektriese apparate is afgeskakel voordat hulle gaan slaap. Dit moet 'n roetine word.



Foto van die huis wat in 2001 afgebrand het.

- "'n Waterkrisis teister die dorp al sedert verlede Donderdag ..." lui 'n berig in *Beeld* van 15 Julie 2009. Nylstroom en omliggende dorpe moes onverwags, sonder kennisgewing, vir meer as twee weke sonder watertoevoer klaarkom, alles weens 'n gebreekte pomp van Magalieswater by Hammanskraal wat later tot 'n grootskaalse kragonderbreking gelei het. Dit is 'n ramp as so iets gewone huishoudings tref, maar 'n katastrofe as dit 'n aftreeoord tref waar bejaardes van kos voorsien en pasiënte versorg moet word. Kokanje se twee opgaardamme wat uit boorgate gevul word, het later ook gevaarlik laag gesak en boorgatwater aan inwoners moes streng gerantsoeneer word. Mense moes hul liggame met 'n skottel water reinig. Met was- en skottelgoedwater moes toilette gespoel word. Drinkwater moes gekoop word. Na hierdie krisis is besluit om 'n derde opgaardam as voorsorg te bou.
- Kokanje se goed georganiseerde en gemotiveerde Nooddienste Komitee het vinnig tot aksie oorgegaan om mense behulpsaam te wees en kalm te hou. Hierdie komitee het die hele Oord in blokke ingedeel en elke komiteelid is daarvoor verantwoordelik dat sy blok se mense ingelig is oor noodsituasies en wat hulle te doen staan in 'n krisis. Op hulle aanbeveling is inwoners ook amptelik versoek om aan die binnekant van hul voordeure alle persoonlike besonderhede op 'n vorm aan te bring, asook waar die huis se spaarsleutel is, die naam van 'n naasbestaande en watter soort medikasie die inwoner(s) gebruik. Dan en wan organiseer hulle ook 'n skynbrand gedurende die etenstyd om waar te neem hoe vinnig die eetsale ontruim kan word. Ná die waterkrisis het die Voorsitter van die Raad die inwoners bedank vir hul kalm optrede en samewerking en selfs vir die hulp wat mense spontaan aangebied het om ouer en minder beweeglike inwoners by te staan. Hy rapporteer dat die Nooddienste Komitee ook hoë lof en dank het vir die wyse waarop inwoners die krisis sonder sigbare paniek hanteer het.

Dit is dié gees wat Kokanje so uniek maak. Vandag, na 25 jaar, sien ons nog steeds die hand van die Here in die groei en voorspoed van ons geliefde Kokanje. Laat ons altyd onthou: Kokanje is op 'n fondament van geloof en hoekstene van vertroue en volharding gebou.





Inwoners word geestelik versorg

Geestelike versorging is van kardinale belang vir die bejaarde – die gesondes, sowel as die siekes. Ontworteling op so 'n hoë ouderdom kan dikwels vir bejaardes traumaties wees. Die NG Kerk van Waterberg (Witkerk) het onmiddellik die eerste paar intrekkers (wat toevallig almal NG-kerklidmate was) kom besoek, hulle in hul nuwe omgewing verwelkom en uitgenooi om die eredienste op die dorp by te woon. Met egte Bosveldgasvryheid is hulle in hul nuwe gemeente opgeneem en dit het hulle gekneusde moraal van sogenaamd "uitgedien" te wees, 'n geweldige hupstoot gegee. Soos die inwoners meer geword het, is daar ook na die lidmate van ander kerkdenominasies omgesien tot tyd en wyl hulle eie kerke die geestelike bearbeiding kom oorneem het.

Die NG-lidmate hier in Kokanje het mettertyd so sterk gegroei dat hulle in wyke ingedeel moes word, elke wyk met sy eie diaken en ouderling en waar dienste vroeër een of twee keer per maand net vir verswakte inwoners in die Kokanje-saal gehou is, moes oorgeslaan word na gereelde eredienste elke Sondagoggend. Die ou historiese kerkgebou het natuurlik nooit sy bekoring vir die bejaardes van Kokanje verloor nie, maar soos die jare aanstap, en die vlees nie meer met die gees tred kan hou nie, kry die eredienste in die saal al hoe meer aftrek.

Ds. Kobie Breedts het alreeds vroeg in die beginjare elke Woensdagoggend Bybelstudie vir die groepie kom aanbied. Ook die ander kerke se lidmaatgetalle het mettertyd fenomenaal gestyg en groot getalle Kokanje-inwoners is as diakens, ouderlinge of in ander kerkampste diensbaar. Ten minste laat die kerk nie mense te oud en uitgedien voel om nog diensbaar te wees nie. Bybelstudies en gebedskringe is hier tussen al die verskillende kerke vrugbaar aan die werk.

Wat die pastorale berading betref, word die dorp se predikante ook bygestaan deur die baie emeritus-predikante wat hier woon. Hulle help ook uit met begrafnisdienste en neem soms preekbeurte waar hier in Kokanje sowel as in die ander kerke op die dorp. Afgetrede psigiaters, sielkundiges en maatskaplike werkers bied hul hulp aan waar mense die een of ander trauma ondervind en ander inwoners bied hulle hulp en bystand aan by die dorp se ouetehuse, die Kinderhuis en ander welsynsgroepe wat na arm mense se behoeftes omsien. Diegene wat nie meer in staat is tot fisieke werk nie, doen maar die knielwerk.

Na 25 wonderlike, geseënde jare onder die hand van die Here, baat Kokanje nog steeds by die kwaliteitmense wat Hy in sy alwysheid hier na ons wonderlike Kokanje lei. Kwaliteitmense is mense wat uitreik omdat hulle dankbaar is vir dit wat hulle bo verdienste ontvang – 'n sinvolle oudag in 'n rustige en veilige Bosveldomgewing.


Soli Deo Gloria!

ONTDEK KOKANJE SE NATUURSKATTE



KOKANJE'S NATURAL WILDLIFE

~ Warwick Tarboton ~



What is it about Kokanje that visitors coming into the property so enjoy? My guess is that it is the blend of gardens and bush, the apparent naturalness of the place, the buzz of wildlife on the property, the thrushes turning over the leaves next to the road, lekkerbreek trees in glorious golden spring colours, butterflies wafting through the trees, squirrels in the path, bright blue male koggelmanders on the tree-trunks: in short it looks, as you drive in, like a piece of bushveld.

Which is what it is – a microcosm of this large sandstone plateau, the edge of which we live on, called the Waterberg. As all the gardeners know, there are rocks underneath Kokanje, rocks that are part of the Alma formation, one of the lower layers in this ancient sedimentary basin (2000 million years old) that forms the Waterberg plateau. The material washed into this ancient sea was mostly sand, with short periods in the cycle where pebbles or silt came in its place. And so, when these rocks decompose near the surface to form soil, that soil is invariably very sandy, sometimes pebbly or silty, and it contains little or no clay in it. Clay in soils is what binds the nutrients, so our soils don't have, or hold onto, nutrients in the way that clay soils do.

This is what the Waterberg is, and it is what has determined, over the centuries, what grows best here and what lives best here. Our remaining patches of natural bush (the "onontwikkelde gebiede" or "OG"s which comprise 30 of Kokanje's 100 hectare area) provide us with our own witness areas of this sandy-soil ecosystem. It is a system that supports a rich tree diversity and, thanks to the knowledge of Jakkie van Aardt and other tree experts in our midst, we know we have 73 naturally-occurring tree species on Kokanje. These are essentially all broad-leafed species which are adapted to the sandy soils, and it is noticeable that there are virtually no naturally-occurring acacias, which need clayey soils, found here. The composition of this tree community is known as "Sour Bushveld" and it covers much of the Waterberg; the boekenhout tree is one of the veld type's most iconic members. Beneath the trees, nutrient-deficient grasses that also thrive on our sandy soils (we have at least 40 grass species in Kokanje) collectively go under the term "sourveld".

Because we live in this "sour" environment is not to say that it is deficient in biodiversity. On the contrary, it is remarkably diverse, and quite specialised. The inventories of what we have in our 100 hectares – 73 trees species, 40 grasses, 200 bird species, at least 23 mammals, 20 dragonflies, probably 100 or more species of small shrubby plants - is remarkable. Where else, I wonder, would we as a retired community find a place to live as rich in nature as this? Of course, it doesn't go without its problems and conflicts (bushpigs digging up bulbs, mongooses rearranging the garden klippe), and how these are resolved is one of the ongoing issues that won't ever go away.

I suspect, though, that the residents who say "I didn't come here to live in a wildduin" are in the minority; for the majority, Kokanje's natural wildlife is a source of

KOKANJE SE GROOT VERSKEIDENHEID GRASSE




KOKANJE SE RYKDOM VAN VOËLLEWE



Plakkaat saamgestel deur Warwick Tarboton

ONS EIE VELDBLOMWEELDE



Plakkaat saamgestel deur Naas Smith

BEDANKINGS

Die redaksie bedank almal wat 'n finansiële bydrae gemaak het.

'n Groot dankie aan die Kommunikasiekomitee vir keurwerk, proeflees en taalversorging.

Aan Michèle en Warwick Tarboton 'n spesiale woord van opregte dank en waardering vir die voorbereiding van die Gedenkblad vir kommersiële drukwerk.



Warwick Tarboton



Michèle Tarboton

KOMMUNIKASIEKOMITEE 2010-2011



Jan Boot
Voorsitter



Ans Theron
Redakteur



Willie Weideman
Ondervoorsitter



Fritz Wolff, Sekretaris/Taalversorger



Charles van Aardt
Keurder/Taalversorger



Len Munnik
Keurder



Pieter Botha
Finansies



Joos Magro
Taalversorger



Gert Kruger
Produksiebestuurder



Theo Schmidt
Keurder



Leonie Postma
Keurder




Johann Britz
Insamelingsredakteur



Pictures by Members of - KOREK Digifotogroep - Fotos van Klublede

FEBRUARIE						
SATERDAG	SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28				



Weesgerus

Koro Creek



Foto: Google Earth